Less transfer to the Gold and Foreign Exchange Contingency Reserve Account	655
	3 415

During April 1986, that is the first month of the 1986/87 fiscal year, Exchequer issues were 19,7 per cent higher than in April 1985, while Exchequer receipts increased by 21,5 per cent over the same period. A major factor contributing to the increased receipts was the fact that the increase in the general sales tax rate from 25 March 1985 was reflected only in the revenue collections of May 1985. The deficit on the Exchequer account in April 1986 amounted to R1 825 million rand.

The 1986/87 Central Government Budget

In his presentation of the 1986/87 Central Government Budget to Parliament on 17 March, the Minister of Finance stated that in the new fiscal year the economy would need *moderate* stimulation. The scope for economic expansion that had been created by the preceding adjustment in the economy, was constrained by the obligation to repay part of South Africa's foreign debt, without the

Exchequer deficit



prospect of significant further loans from abroad. However, there was some latitude for higher expenditure in the four key fields that had already been identified in the preceding Budget, namely the maintenance of order and stability and constitutional, economic and social development. Any remaining leeway could then be used where it would help to promote new economic expansion.

The Minister described the existing short-term monetary and fiscal policy strategy as moderately expansionary. It was a policy of encouraging investment and consumer spending in order to ensure that the new economic up-swing would gain momentum so as to generate increases in income, output, employment and general economic activity. At the same time, the strategy was designed to prevent the re-emergence of excess demand. The achievement of this objective was important not only to avoid new demand inflation, but also to ensure that a sufficiently large surplus would be attained in 1986 on the current account of the balance of payments with a view to dealing with the foreign debt situation.

Government expenditure was estimated to increase by 13,9 per cent in 1986/87. After allowing for a number of tax concessions, government revenue was anticipated to rise by 13,4 per cent. The main tax concessions consisted of a discount of 5 per cent on personal income tax, in addition to the earlier announced abolition of the 7 per cent surcharge; a larger rebate on the taxable income of married women; and an increased exemption from tax of interest income. Part of these concessions would be offset, however, by the further phasing in of fringe benefit taxation. The deficit before borrowing was projected at R3 944 million, or about 2,7 per cent of gross domestic product. The proposed financing of the deficit is set out in the accompanying table.

1986/87 Budget

R millions

	1986/87
Revenue	33 627
Expenditure	<u>37 571</u>
Deficit (before borrowing)	<u>-3 944</u>
Financing (net of debt repayment)	
Public Investment Commissioners	3 250
New government stock issues	893
Non-marketable securities*	-186
Foreign loans	-13
Use of available balances	-
Total	<u>3 944</u>

*Including loan levies and certain loan expenditure.

Kwartaallikse ekonomiese oorsig

Inleiding

Bemoedigende tekens van 'n naderende nuwe ekonomiese opswaai het in die tweede helfte van 1985 na vore begin kom. In die eerste kwartaal van 1986 het hierdie herstel egter momentum verloor. Die binnelandse vraag het traag gebly ten spyte van 'n opvallende toename in reële terme in die eerste kwartaal. Laasgenoemde toename was beperk tot 'n toename in verbruiksbesteding deur die algemene owerheid en 'n laer koers van intering op voorrade. Boonop het die toename in die reële binnelandse vraag nie deurgewerk na 'n stygging in die reële bruto binnelandse produk nie. In werklikheid is die toename in die reële produksie gedurende die tweede helfte van 1985 in die eerste kwartaal van 1986 deur 'n hernieuwe afname gevolg. In ooreenstemming met hierdie ontwikkelings is die effense opwaartse neiging in die nie-landbouwerkverskaffing wat in die tweede helfte van 1985 voorgekom het, nie voortgesit nie.

Die inflasiekoers, wat na verwagting in die tweede helfte van 1985 'n boonste draaipunt sou bereik, het in werklikheid versnel nadat die sosio-polities geïnspireerde depresiasi van die rand in Julie verlede jaar begin het. Dit het verskeie maande geneem voordat die invloed van hierdie depresiasi begin het om uitgewerk te raak en eers vanaf Februarie 1986 het die inflasiekoers tekens van 'n verlangsaming begin toon. Op fundamentele ekonomiese gronde behoort hierdie verlangsaming regdeur 1986 voort te duur.

Nadat die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans in die loop van 1985 progressief groter geword het, het dit van die laaste kwartaal van verlede jaar tot die eerste kwartaal van 1986 aansienlik gekrimp. Die invoersyfers in beide hierdie kwartale is egter verwring deur groot swaaie in die invoerklas "mineraal-produkte". Bo en behalwe die hoër invoersyfer vir die eerste kwartaal is die oorskot op die lopende rekening verminder deur laer goud- sowel as nie-gouduitvoer. Hierna het die seisoensaangesuiwerde handelsrekening in April 'n aansienlike verbetering getoon in vergelyking met die gemiddelde maandelikse syfer vir die eerste kwartaal. Op die kapitaalrekening van die betalingsbalans het die netto kapitaaluitvloeい, wat gedurende 1985 buitengewoon groot was, in die eerste kwartaal van 1986 voortgeduur maar op 'n baie kleiner skaal. Die netto kapitaaluitvloeい in die eerste kwartaal is min of meer goedgemaak deur die oorskot op die lopende rekening met die gevolg dat die netto buitelandse reserwes nagenoeg onveranderd gebly het.

Die verbetering in die betalingsbalans in sy geheel in die eerste kwartaal van 1986 en die meer positiewe wisselkoersverwagtings is in 'n appresiasi van die rand weer-spieël. Hierdie appresiasi is gedurende die tweede helfte van Maart tydelik onderbreek toe dit bekend geword het dat 'n aanvanklike terugbetaling van vyf persent van die

buitelandse skuld binne die "net" op 15 April gemaak sou word. Na die eerste week van April het die wisselkoers egter aanmerklik verswak, hoofsaaklik as gevolg van skuldterugbetelings en 'n polities geïnspireerde verswakking in die marksentiment.

Monetêre ontwikkelings gedurende die eerste kwartaal van 1986 is gekenmerk deur 'n verdere verlangsaming van die groeikoerse van die monetêre totale tot vlakte heelwat benede die huidige inflasiekoers. Gedurende die eerste drie maande van die jaar het die nuutgedefinieerde monetêre totaal, M3, op of benede die laer vlak van die mikpuntgrense wat onlangs aanvaar is, beweeg. Die verlangsaming in die groeikoers van M3 is nie gestrem deur die afwaartse neiging in korttermynrentekoerse wat sedert Mei 1985 ondervind is nie.

Die Reserwebank se optrede in die finansiële markte gedurende die eerste vyf maande van 1986 was daarop gemik om te voorkom dat korttermynrentekoerse oormatig reageer op suwer seisoenale vernouende kragte gedurende die eerste kwartaal en soortgelyke eksansionistiese invloede gedurende April en Mei. In erkenning van 'n verruiming van die geldmarktoestand, die betreklik lae groeikoers van die geldvoorraad en die verlangsaming in die ekonomiese bedrywigheid gedurende die eerste kwartaal, het die Reserwebank op 5 Mei sy herfinansieringskoerse met 'n verdere een persentasiepunt verlaag. Die Bankkoers is byvoorbeeld tot 11 persent verlaag. Dit is gevolg deur 'n verlaging in die verrekeningsbanke se prima-oortrekingskoers van 15,5 tot 14,5 persent.

Die opbrengskoerse op langtermyn-vaste-rentedraende effekte het vanaf die begin van 1986 begin daal nadat hulle gedurende die tweede helfte van 1985 gestyg het in reaksie op die hoër inflasieverwagtings en die groter onsekerheid wat gepaard gegaan het met die feitlike uitsluiting van Suid-Afrika van die buitelandse kapitaalmarkte. Gedurende die eerste vyf maande van 1986 was daar ook opvallende dalings in opbrengskoerse op aandele, langtermyndepositokoerse en verbandkoerse.

By die afsluiting van die fiskale jaar 1985/86 het die sentrale regering se inkomste sowel as besteding toege-neem teen koerse wat heelwat hoër as die oorspronklike begrotingsramings was. Die tekort voor lenings het die oorspronklike raming met sowat R0,5 miljard oorskry, maar was nogtans minder as drie persent van die bruto binnelandse produk. Die 1986/87-Begroting, wat in Maart vanjaar ter tafel gelê is, was daarop gemik om effens stimulerend te wees. Die begrotingsvoorstelle het voorsiening gemaak vir 'n toename van ongeveer 14 persent in besteding, 'n toename van ongeveer 13 persent in inkomste in weerwil van netto belastingtoegewings, en 'n tekort voor lenings wat in absolute terme effens hoër sal wees maar nogtans in verhouding tot die bruto binnelandse produk van ongeveer dieselfde orde as gedurende die voorafgaande fiskale jaar.

Binnelandse ekonomiese ontwikkelings


Binnelandse produksie

Die matige toename in die reële bruto binnelandse produk in die tweede helfte van 1985 is nie in die eerste kwartaal van 1986 voortgesit nie. In werklikheid was daar 'n ommekêer in die korttermyn produksieneigings van verskeie van die belangrikste nie-landbousektore. Na 'n belowende begin het die ekonomiese herstel in die eerste kwartaal sy momentum verloor, wat dui op die trae aard van die verwagte nuwe opswaai.

Sektorale ramings vir die eerste kwartaal toon slegs toenames in die reële produksie van die nie-goudmynbou, landbou en die sektor elektrisiteit gas en water; bykans onveranderde reële produksievlekke in die dienssesktore; en dalings in die reële produksie in die goudmynbou-, fabriekswese- en die handelsektor. Die terugslag in die ekonomiese herstel was veral opmerklik in die fabriekswese- en handelsektor en die daling in die produksie in hierdie sektore het die meeste tot die afname van 2 persent in die seisoensaangesuiwerde reële bruto binnelandse produk in die eerste kwartaal van 1986 bygedra. Die reële goudproduksie het 'n skielike daling getoon as gevolg van die ontwrigting van die produksie deur arbeidstakings en die ontginning van laergraadse erts.

Die toenames in reële bruto *nasionale* produk gedurende die laaste deel van 1985 wat uit verbeterings in die ruilvoet voortgespruit het, is in die eerste kwartaal van 1986 geheel en al uitgewis toe 'n skerp ommeswaai in die ruilvoet tot 'n aansienlike daling in die seisoensaangesuiwerde reële bruto nasionale produk gelei het. Hierdie afname het 'n oordrag van reële produksiebronne na die res van die wêreld verteenwoordig as gevolg van die laer volume van ingevoerde goedere en dienste wat bekomen word met 'n gegewe hoeveelheid van Suid-Afrika se uitvoer.

Reële bruto binnelandse produk




Binnelandse besteding

Die reële bruto binnelandse besteding, wat sedert die middel van 1984 tot aan die einde van 1985 gedaal het, het in die eerste kwartaal van 1986 betreklik skerp gestyg. Hierdie styging was beperk tot 'n styging in die reële verbruiksbesteding van die algemene owerheid en 'n verlangsamming in die koers van intering op voorrade. Boonop is die toename in die reële binnelandse vraag nie omskep in 'n styging in reële bruto binnelandse produksie nie vanweë 'n skielike, skerp afname in die netto buitelandse saldo van die land. Die laasgenoemde afname, wat R2,7 miljard in terme van 1980 pryse bedra het, het bestaan uit 'n kombinasie van 'n R1 miljard styging in die reële invoer van goedere en nie-faktordienste en 'n R1,7 miljard daling in die reële uitvoer van goedere en nie-faktordienste.

Nieteenstaande die toename in die reële verbruiksbesteding van die algemene owerheid, het die reële finale vraag, dit wil sê die totaal van verbruiksbesteding en besteding aan vaste investering, in die eerste kwartaal teen 'n jaarkoers van 5 persent afgeneem. Dit dui daarop dat die verbetering in die reële bruto binnelandse besteding bykans geheel en al aan die verandering in voorrade toegeskryf kan word. Reële private verbruiksbesteding het met ongeveer 2½ persent gedaal nadat dit gedurende die tweede helfte van 1985 besliste tekens van herstel getoon het. Besteding aan duursame goedere, veral nuwe motors, was aansienlik laer maar afnames is ook aangegetekend in die klasse nie-duursame en semi-duursame goedere. Verbruikersopnames gedurende die eerste kwartaal het 'n gebrek aan vertroue by gebruikers aangaande toekomstige toenames in inkome getoon. Die erosie van persoonlike inkome deur 'n buitengewone hoë inflasiekoers sowel as belasting deur inflasie, tesame

Reële bruto binnelandse besteding





met georganiseerde verbruikersboikotte, minder handelsdae as gevolg van 'n vroeë Paasnaweek, en verwagtings dat die appresiasie van die rand gedurende Desember 1985 en vroeg in 1986 tot 'n vermindering in die pryse van ingevoerde duursame goedere sou lei, het bygedra tot die afname in verbruiksbesteding in die eerste kwartaal van 1986.

Reële owerheidsverbruiksbesteding het in die eerste kwartaal van 1986 betreklik skerp toegeneem. 'n Konsestrasie van besteding, insluitende bykomende bewilligings, in die eerste kwartaal van 1986 (dit wil sê die laaste kwartaal van die fiskale jaar 1985/86) was hoofsaaklik verantwoordelik vir die toename in die eerste kwartaal van die kalenderjaar. Vir die volle fiskale jaar 1985/86 het reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid egter aansienlik afgeneem.

Reële vaste investering het in die eerste kwartaal van 1986 verder gedaal. Besnoeiings in investeringsuitgawes deur die S A Vervoerdienste, die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese, algemene owerheidsdepartemente en openbare korporasies het tot 'n aansienlike

Hoofkomponente van bruto binnelandse besteding



afname in die reële vaste investering deur die openbare sektor geleei. Hierdie besnoeiings het in hoofsaak verband gehou met die bestaan van oorskot produksiekapasiteit, maar kon ook beïnvloed gewees het deur die uitsluiting van Suid-Afrika van buitelandse kapitaal- en kredietmarkte. Die afwaartse neiging in die private sektor se reële vaste investering het in die eerste kwartaal voortgeduur. Afgesien van groter investeringsuitgawes in die mynbou-sektor het die reële vaste kapitaalbesteding deur private sake-onderneemings in al die hoofsektore van die ekonomie gedaal.

Die intering van reële voorrade regdeur 1985 het in die eerste kwartaal van 1986 voortgeduur, maar teen 'n aansienlike laer koers. Hierdie verlangsamming was in 'n groot mate verantwoordelik vir 'die toename in die reële bruto binnelandse besteding in die eerste kwartaal van 1986. 'n Stadiger intering op voorrade in die motorhandel en oppbouing in die voorrade van die landbou en diamanthandel het aanmerklik tot die kleiner afname in voorraadvlakte bygedra. Nog 'n betekenisvolle ontwikkeling was die toename in die voorraadvlakte van groothandelaars wat moontlik aangemoedig is deur die laer rentekoste verbonde aan die hou van voorrade. Die verhouding van reële nywerheids- en handelsvoorraade, insluitende groot-handelsvoorraade, tot reële bruto binnelandse produk het nogtans gedaal tot 'n vlak van net meer as 20 persent, vergeleke met bykans 23 persent aan die einde van 1984.


Faktorinkome en besparing

Totale vergoeding van werknemers het gedurende die eerste kwartaal van 1986 teen 'n jaarkoers van $11\frac{1}{2}$ persent toegeneem – 'n koers wat heelwat laer as die heersende inflasiekoers was. Met 'n toename van slegs $5\frac{1}{2}$ persent in die totale bruto bedryfsurplus, het die koers van toename in die nominale bruto binnelandse produk in die eerste kwartaal van 1986 tot 9 persent verlangsaaam, vergeleke met ongeveer 23 persent in die vorige kwartaal.

Die matige koers van toename in lone en salariswe was taamlik eweredig oor die verskillende klasse van ekonomiese bedrywigheid versprei. Met die uitsondering van die mynbou, handel en finansiële dienste, is laer salaris- en loonverhogings as in die vierde kwartaal van 1985, in al die hoofsektore van die ekonomie aangeteken. Gedempte bedrywigheide in die fabriekswese en handel, tesame met dalings in beide die goudmynbou-produksie en die randprys van goud, was hoofsaaklik verantwoordelik vir die matige toename in die bruto bedryfsurplus. Die finansiële sektor het daarenteen 'n toename in winste ondervind, terwyl 'n verhoging van elektrisiteitstariewe dit moontlik gemaak het vir die sektor wat elektrisiteit, gas en water voorsien, om sy bedryfsurplus te verhoog.


Die nasionale spaarverhouding het merkbaar versleg van 'n gemiddelde vlak van $26\frac{1}{2}$ persent van die bruto binnelandse produk in 1985 tot $23\frac{1}{2}$ persent in die eerste kwartaal van 1986. Laer persoonlike en maatskappybesparing en 'n toename in die ontsparing van die algemene owerheid het tot die afname in die besparingskoers

Faktorinkome



bygedra. Hoofsaaklik as gevolg van 'n laer koers van toename in nominale persoonlike inkome as in prys, het die verhouding van persoonlike besparing tot persoonlike beskikbare inkome in die eerste kwartaal van 1986 tot 4½ persent gedaal, vergeleke met sy mees onlangse hoogtepunt van 7 persent in die tweede kwartaal van

Besparingsverhoudings



1985. Laer winste, veral in die goudmynbousektor, en hoër dividendbetalings was die belangrikste redes vir die verslegting van die maatskappysektor se spaarprestasie. Die afname in die spaarverhouding was ook merkbaar in 'n aansienlike kleiner oorskot van bruto binnelandse besparing oor bruto binnelandse investering in die eerste kwartaal van 1986, nadat hierdie oorskot in 1985 besonder groot was.

Werkverskaffing en arbeidsvergoeding

Die weifelende ekonomiese herstel was ook opmerklik in die gedrag van werkverskaffing in die eerste kwartaal van 1986. Werkverskaffing buite die landbou het in die derde en vierde kwartale van 1985 matig toegeneem teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van onderskeidelik 0,7 persent en 1,2 persent, maar het volgens voorlopige rammings in die eerste kwartaal grootliks onveranderd gebly. Die afplatting in die vraag na arbeid is in hoër werkloosheid weerspieël. Die aantal geregistreerde werkloses het, ná seisoensaansuiwering, van 79 700 in Januarie 1985 tot 137 700 in Januarie 1986 gestyg, maar het daarna effens afgeneem tot 131 550 in April.

Die spesiale opleidings- en werkskeppingsprogramme vir die werkloses, wat die eerste keer gedurende 1985 in werking gestel is, is voortgesit en teen die einde van Maart het 253 000 mense hul opleiding in terme van hierdie programme voltooi. Daarbenewens is ongeveer 300 000 mense by verskeie spesiale projekte in diens geplaas, terwyl daar na raming 'n verdere 27 000 werkgeleenthede in die informele kleinsakesektor geskep is.



Die styging in nominale salaris en lone per werker in die nie-landbousektore van die ekonomie het verlangsaam van 16,4 persent in 1984 tot 11,5 persent in 1985. Gegewens wat vir die private sektor beskikbaar is, toon dat hierdie neiging in die eerste kwartaal van 1986 voortgesit is. Vergelyk met die ooreenstemmende tydperk in die voorafgaande jaar het die koers van toename in nominale salaris en lone per werknemer in die private sektor verlangsaam van 12 persent in 1985 tot 11 persent in die eerste kwartaal van 1986. In reële terme het die vergoeding per werknemer in 1985 met 4 persent afgeneem en met 7 persent in die eerste kwartaal van 1986 (vergeleke met die eerste kwartaal van 1985).

Prys



Die inflasiekoers, soos gemeet deur die stylings in verbruikers- en produksiepryse, het in die vierde kwartaal van 1985 en in Januarie 1986 skerp versnel voordat dit in die daaropvolgende drie maande effens verlangsaam het. Die hoë koers van prysstylings was hoofsaaklik die gevolg van die vertraagde uitwerking van die skerp depreisie van die rand gedurende die tweede helfte van 1985, die aanverwante opwaartse aanpassing van geadministreerde prys in reaksie op vroeëre stylings in insetkoste, en 'n versnelling van toenames in voedselprysse.

Oor 'n tydperk van twaalf maande gemeet, het die sty-

Verbruikerspryse



Produksiepryse



ging in verbruikerspryse versnel tot 18,4 persent in Desember 1985 en verder tot 20,7 persent in Januarie 1986, voordat dit tot 18,6 persent in April verlangsaam het. In 'n mate het hierdie verlangsaming net die statistiese uitwerking van die meting van die verandering vanaf 'n hoër basis weerspieël omdat die verbruikersprysindeks vir Februarie 1985 'n skerp styging in brandstofpryse ingesluit het. Daarna het dit egter ook die laer koers van toename in die prys van ingevoerde goedere weerspieël, asook 'n verlangsaming in die styging in voedselprys. Die onlangse vermindering in die prys van petroleumprodukte sal eers in Mei sy volle regstreekse invloed op die verbruikersprysindeks hê. Hierdie vermindering was die gevolg van die verbetering van die wisselkoers van die rand en die daling in ru-oliepryse op internasionale markte.

Die toename oor twaalf maande in produksiepryse het versnel tot 21,3 persent in Desember 1985 en tot 22,2 persent in Januarie 1986, maar het daarna tot 19,6 persent in Maart verlangsaam. Die ooreenstemmende toename in die invoerpryskomponent van produksiepryse het tot 32,7 persent in Januarie versnel, voordat dit tot 27,7 persent in Maart verlangsaam het.

Betalingsbalans en wisselkoerse

Lopende rekening van die betalingsbalans

Die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans het in die eerste kwartaal van 1986 R1,8 miljard (seisoensaangesuiwerde jaarsyfer) bedra. Soos in die bygaande tabel aangetoon word, was hierdie oorskot aansienlik laer as die kwartaallikse gemiddelde vir 1985 en vergeleke met die uitsonderlike hoë syfer vir die vierde kwartaal van verlede jaar, het dit 'n dramatiese daling verteenwoordig. Syfers vir die vierde kwartaal van 1985 sowel as die eerste kwartaal van 1986 is egter deur groot swaaie in die invoerklas "mineraalprodukte" versteur. As gevolg van hierdie afwyking kan die oorskot op die lopende rekening in die eerste kwartaal nie as verteenwoordigend van die kalenderjaar as geheel beskou word nie. In werklikheid word 'n aansienlik hoër oorskot vir die res van die jaar in die vooruitsig gestel. Afgesien van die toename in die invoer, het laer goedere-uitvoer en 'n skerp daling in die netto gouduitvoer in die eerste kwartaal ook tot die kleiner oorskot op die lopende rekening bygedra.

Vervolgens het die handelsoorskot in April egter 'n opmerklike verbetering getoon vergeleke met die gemiddelde maandelikse syfer vir die eerste kwartaal.

Die skerp daling in netto gouduitvoer in die eerste kwartaal van 1986 het in prys- sowel as volumeterme voorgekom. Hoofsaaklik as gevolg van arbeidstakings, die ontginning van laergraadse erts en 'n vermindering in die aantal werksdae in Maart deur die Paasnaweek, het die volume van die netto gouduitvoer aansienlik gedaal. Die uitwerking hiervan is vererger deur 'n daling in die randprys van goud naamlik van gemiddeld R859 per fyn ons in die vierde kwartaal van 1985 tot R740 in die daar-

Lopende rekening van die betalingsbalans

Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse


R miljoene

	1985				1986
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	1e kw
Goedere-uitvoer	17 770	19 573	19 886	22 843	21 670
Netto goud-uitvoer	14 253	12 623	16 320	18 644	14 850
Goedere-invoer	-22 615	-21 527	-22 884	-23 150	-27 740
Handelsbalans	9 408	10 669	13 322	18 337	8 780
Netto dienste- en oordragbelastings	-5 074	-5 517	-6 243	-6 454	-6 990
Saldo op lopende rekening	4 334	5 152	7 079	11 883	1 790


opvolgende kwartaal. In terme van VSA-dollars het die goudprys oor dieselfde tydperk in werklikheid toegeneem van gemiddeld \$324 per fyn ons tot \$343. In April het die gemiddelde goudprys per fyn ons in terme van rand sowel as VSA-dollars tot R698 en \$341 onderskeidelik gedaal.

Alhoewel die goedere-uitvoer in die eerste kwartaal van 1986 effens gedaal het vergeleke met die vierde kwartaal van 1985, was dit nog steeds 8 persent hoër as die kwartaallikse gemiddelde vir 1985. Die laer syfer in die eerste kwartaal was geheel en al die gevolg van 'n daling in volume. Groot volumedalings is in die uitvoer van steenkool, uraan, mielies en suiker aangeteken, terwyl die uit-

Betalingsbalans: Handelsrekening



Betalingsbalans: Saldo op lopende rekening



voervolume van asbes en edelstene toegeneem het. Internasionale kommoditeitspryse, en in besonder platina-pryse, was opmerklik hoër in die eerste kwartaal. As gevolg van die appresiasie van die rand het uitvoerpryse in terme van rand egter slegs met ongeveer 1 persent gestyg.

Geheel en al vanweë 'n skerp toename in die invoer van mineraalprodukte vir doeleindeste van strategiese oppotting, het die waarde van die goedere-invoer van die vierde kwartaal van 1985 tot die eerste kwartaal van 1986 met 20 persent toegeneem. Oor dieselfde tydperk het ander invoere egter met $7\frac{1}{2}$ persent afgeneem vanweë 'n ver-

dere daling in invoervolumes. Invoerpryse het gedurende Januarie en Februarie voortgegaan om vinnig te styg as gevolg van die depresiasie van die rand tot die middel van Desember 1985. Gedurende Maart het die styging in invoerpryse egter afgeplat nadat die rand teenoor die geldeenheid van handelsvennootlande begin appresieer het en internasionale oliepryse skerp gedaal het. Invoerdalings in die eerste kwartaal was die meeste opvallend in die klasse masjinerie en elektriese toerusting, vervoertoerusting, onedelmetale en tekstiele.


'n Skerp daling in ontvangste vir dienste vanaf buitelanders, in besonder beleggingsinkomste-ontvangste, in die eerste kwartaal van 1986 was hoofsaaklik verantwoordelik vir hoér *netto* dienste- en oordragbetalings aan buitelanders. Bruto betalings vir dienste aan buitelanders het op ongeveer dieselfde vlak as in die vierde kwartaal van 1985 gebly nadat 'n toename in betalings vir vrag en versekering op goedere deur laer rente- en dividendbetalings geneutraliseer is.

Kapitaalrekening van die betalingsbalans

In teenstelling met die verswakkende in die lopende rekening van die betalingsbalans, het die kapitaalrekening in die eerste kwartaal van 1986 aansienlik verbeter. Die totale uitvloei van kapitaal nie verwant aan reserwes nie het van R5,0 miljard in die vierde kwartaal van 1985 tot R831 miljoen in die eerste kwartaal van 1986 gedaal.

Die uitvloei van langtermynkapitaal het in die eerste kwartaal in werklikheid toegeneem, hoofsaaklik as 'n weerspieëeling van die terugbetaling van skuld wat van die stilstandreëlings uitgesluit is. Slegs 'n geringe bedrag aan nuwe buitelandse langtermynkapitaal is verkry. 'n Verdere en groter uitvloei van langtermynkapitaal in die vorm van netto verkope deur buitelanders van effekte wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is, is in die eerste kwartaal aangeteken. Die finansiële-randopbrengs van sodanige verkope moes egter in ander "goedgekeur-

Reële goedere-invoer en -uitvoer



Netto kapitaalbewegings*

R miljoene


	1985				1986	
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	Jaar	1e kw
Langtermynkapitaal						
Openbare owerhede	23	30	-347	-105	-399	-192
Openbare korporasies	104	469	243	1	817	30
Banksektor	-20	-38	7	85	34	-29
Nie-bank- private sektor						
Netto aankope van effekte deur buitelanders	352	-236	-306	-184	-374	-404
Ander	-104	-81	-37	47	-175	-2
Totaal	355	144	-440	-156	-97	-597
Korttermynkapitaal, insluitende onaangetekende transaksies	-2 821	-112	-2 552	-4 836	-10 321	-234
Totale kapitaalbewegings	-2 466	32	-2 992	-4 992	-10 418	-831

*Uitsluitende veranderings in buitelandse laste verwant aan reserwes.

"de" bates herbelê word. Statisties word dit as 'n kontravloei van of korttermyn- of langtermynkapitaal gewys.

Die verbetering van die kapitaalrekening is teweeggebring deur 'n aansienlike afname in die netto uitvloei van korttermynkapitaal, naamlik van R4,8 miljard in die vierde kwartaal van 1985 tot slegs R234 miljoen in die eerste kwartaal van 1986. Hierdie verbetering het hoofsaaklik in die eerste twee maande van 1986 plaasgevind, toe ongunstige vervroegings en vertragings in buitelandse betalings en ontvangste afgeloop het na gunstiger wisselkoersverwagtings. Gedurende Maart het verwagtings van 'n verdere depresiasi van die rand, tesame met die aangekondigde terugbetaling van 5 persent van die buitelandse skuld binne die "net" egter tot 'n hernieuwe uitvloei van korttermynkapitaal aanleiding gegee.

Netto kapitaalbewegings



Buitelandse reserwes


Die seisoensonaangesuiwerde oorskot van R815 miljoen op die lopende rekening van die betalingsbalans in die eerste kwartaal van 1986 was van min of meer dieselfde omvang as die netto kapitaaluitvloei, uitgesonderd veranderings in buitelandse laste verwant aan reserwes, van R831 miljoen. Die netto goud- en ander buitelandse reserwes het gevolglik in die eerste kwartaal met slegs R16 miljoen afgeneem. Daarna het die netto buitelandse reserwes van die Reserwebank in April met R37 miljoen toegenem.

Bruto buitelandse reserwes het egter in die eerste kwartaal met R899 miljoen afgeneem, grotendeels as gevolg van 'n aansienlike vermindering in die laste verwant aan reserwes.

Wisselkoerse

Die verbeterde posisie van die betalingsbalans in sy geheel en die meer positiewe wisselkoersverwagtings het geleid tot 'n toename van 30 persent in die effektiewe wisselkoers van die rand tussen 18 Desember 1985 en 13 Maart 1986. Vervolgens het die rand weer gedepreseer nadat dit bekend geword het dat 'n aanvanklike terugbetaling van 5 persent op die buitelandse skuld binne die "net" op 15 April gedoen sou word. Nuus dat die Reserwebank bykomende buitelandse valuta vir hierdie doel bekom het en dat sommige krediteurbanke bereid was om 'n deel van hul lenings aan Suid-Afrika om te rol, het die sentiment in die buitelandse valutemark egter laat verbeter. Teen 8 April het die rand bykans al sy verliese gedurende die onmiddellik voorafgaande tydperk herwin.

Wisselkoerse van die rand



Daarna het die gemiddelde wisselkoers van die rand weer gedaal, hoofsaaklik as gevolg van die skerp depre-siasi van die VSA-dollar teenoor Europees geldeenhe de en die Japanse yen en die rand se onvermoë om sy wisselkoers teenoor die dollar te handhaaf. Laasgenoemde het grotendeels verband gehou met terugbetalings van buitelandse skuld en 'n negatiewe marksentiment wat deur politieke ontwikkelings veroorsaak is.

Die wisselkoers van die finansiële rand het van 28,25 VSA-sent op 18 Desember 1985 tot 37,50 VSA-sent op 5 Maart 1986 toegeneem, dit wil sê met 33 persent. Daarna het dit met 17 persent tot 31,13 VSA-sent op 8 April gedaal en gedurende die res van April en gedurende Mei rondom hierdie laer vlak geskommel. Die finansiële-rand-diskonto, wat tot 26,7 persent op 5 Maart 1986 gekrimp het, het tot 41,0 persent op 30 Mei gestyg. Die swak vertoning van die finansiële rand vanaf vroeg Maart, was die gevolg van 'n ooraanbod van finansiële rand voortspruitende uit die verhoogde netto verkope van Suid-Afrikaanse effekte deur nie-inwoners.

Veranderings in die wisselkoerse van die rand

%

	18 Des 1985 tot 13 Mrt 1986	13 Mrt 1986 tot 26 Mrt 1986	26 Mrt 1986 tot 8 Apr 1986	8 Apr 1986 tot 30 Mei 1986
Geweegde ge- middelde	30,1	-7,4	6,8	-13,4
VSA-dollar	36,4	-8,5	6,7	-13,3
Britse pond	33,3	-8,2	6,4	-14,3
Duitse mark	24,6	-6,4	8,7	-16,1
Switserse frank..	25,2	-7,2	9,4	-17,7
Japanse yen	21,9	-8,6	7,7	-18,0
Franse frank	25,2	-6,6	13,0	-16,2

Geld en bankkrediet

Veranderings in die geldvoorraad

Gedurende die eerste kwartaal van 1986 het die groei-koers van die geldvoorraad om die betreklik laevlak wat gedurende die vierde kwartaal van 1985 behaal is, bly skommel ten spyte van die verdere verslapping in monetêre beleid soos weerspieël in 'n verlaging van die Reserwebank se herfinansieringskoerse in Januarie. So het die groeikoers van die nuut-gedefinieerde breë geldvoorraad (M3)*, oor 'n tydperk van twaalf maande gemeet, van 'n hoogtepunt van 19,5 persent in November 1984 tot 12,3 persent in Desember 1985 en verder tot 10,6 persent in Januarie 1986 verlangsaam. In Februarie het die groei-koers ietwat versnel tot 13,1 persent, maar in Maart weer tot 11,3 persent afgeneem. Die versnelling in Februarie was in 'n sekere mate 'n weerspieëling van die uitgebreide gebruik van bankkrediet oor die maandeinde ten einde op 'n aandele-uitgifte in te skryf.


Geldvoorraad



In Januarie en weer in Maart was die seisoensaangesuiwerde waardes van M3 laer as die onderste perk van die mikpuntgrense wat vir die groei van M3 gedurende 1986 daargestel is. In Februarie was die seisoensaangesuiwerde waarde van M3 binne, maar aan die anderkant, van die mikpuntgrense en voorlopige ramings dui daarop dat dit in April ongeveer in die middel van die grense was.

*Die nuwe monetêre totale word omskryf in 'n aparte artikel wat elders in hierdie uitgawe van die Kwartaalblad gepubliseer word

Mikpuntgrense vir groei in M3 gedurende 1986



*Voorlopige syfer


Hierdie ramings toon ook dat die groeikoers van M3 in April versnel het tot effens bo 15 persent.

Die groeikoerse van die ander monetêre totale, met die uitsondering van M1(A), het 'n soortgelyke groeipatroon getoon, soos in die bygaande tabel gesien kan word. Die baie hoër groeikoers van M1(A) sowel as die negatiewe groeikoerse van M1 was toe te skryf aan verskuiwings tussen tjak- en ander onmiddellik opvraagbare deposito's aan die een kant en ander kort- en middeltermyndeposito's aan die ander kant, voortspruitende uit die hersiening van die metode waarvolgens bankinstellings se kort- en middeltermynverpligtings waarop likwiede bate vereistes gebaseer moet word, bepaal word.*

Die belangrikste teenhanger van die toename vir M3 gedurende die eerste kwartaal van 1986 was 'n toename in die eise teen die private sektor wat deur die banksektor, bouverenigings en die Posspaarbank gehou is. Netto eise teen die regeringsektor het afgeneem, hoofsaaklik as gevolg van 'n toename in regeringsdeposito's by die banksektor. Die netto besit aan buitelandse reserwes deur die

*Vanaf Augustus 1985 moet die banke se korttermynverpligtings vir enige besondere maand die gemiddelde daagliks bedrae van korttermynverpligtings met 'n oorspronklike looptyd van nie meer as 31 dae nie, plus die maandeindsaldo's van korttermynverpligtings met 'n aanvanklike looptyd van meer as 31 dae, weerspieël. Voorheen het die beginsel om 'n gemiddelde van daagliks saldo's te toon, slegs ten opsigte van onmiddellik opeisbare deposito's gegeld.

Inkome-omloopsnelheid van geld



banksektor het, na 'n skerp afname gedurende die tweede helfte van 1985, gedurende die eerste kwartaal min verandering getoon.

Groeikoerse van die verskillende monetêre totale

Persentasieveranderings oor twaalf maande

	M1(A)	M1	M2	M3
1984: November	15,7	41,7	27,9	19,5
1985: Desember	19,8	-7,3	14,1	12,3
1986: Januarie	22,6	-12,8	10,2	10,6
Februarie	20,6	-11,9	12,8	13,1
Maart	26,5	-10,7	10,2	11,3
April*	-	-10,9	12,6	15,3

* Voorlopige syfers


Bankkrediet

Die toename in krediet wat deur die banksektor aan die private sektor verleen is (gemeet oor 'n tydperk van twaalf maande) het versnel van 15,7 persent in Desember 1985 tot 19,8 persent in Februarie 1986, hoofsaaklik as gevolg van die benutting van kredietfasilitete vir inskrywings op 'n aandele-uitgifte. In Maart het die toename in kredietverlening aan die private sektor tot 14,0 persent verlangsaaam, wat hoofsaaklik 'n weerspieëling was van die aflossing van oortrokke rekenings wat benut is vir die inskrywing op bogenoemde aandele-uitgifte oor die Februarie-maandeinde, maar ook van die afswaai in ekonomiese bedrywigheid in die eerste kwartaal van 1986.

Die verdere toename in bankkrediet aan die private sektor gedurende die eerste kwartaal was hoofsaaklik in die vorm van groter bankoortrekings. Dit was in 'n groot

Finansiële markte en rentekoerse

Bankkrediet



mate 'n weerspieëeling van 'n voortsetting van die verskuiwing van buitelandse na binnelandse finansiering van die buitelandse handel sowel as ander vorms van vervanging van buitelandse met binnelandse krediet. Huurkoopkrediet en bruikhuurfinansiering wat deur die banksektor verleen is, het in die eerste kwartaal verder gedaal en sodoende die traie vraag na duursame verbruiks- en kapitaalgoedere bevestig.

Die toename in bankkrediet aan die private en die regeringsektor het versnel van 17,7 persent in Desember tot 18,4 persent in Februarie, maar daarna tot 12,9 persent in Maart afgeneem. Hierdie matiger versnelling as in die geval van bankkrediet aan die private sektor alleen het 'n afname in die netto bankkrediet aan die regeringsektor weerspieël.

Geldmarktoestand en korttermynrentekoerse

Die geldmarktoestand het vroeg in 1986 opmerklik verruim. Die belangrikste rede hiervoor was 'n verbetering in die betalingsbalans as geheel nadat die groot uitvloei van kapitaal, wat die tweede helfte van 1985 gekenmerk het, begin het om af te neem. Hierdie verbetering is weerspieël in 'n toename van R522 miljoen in die Reserwebank se netto buitelandse reserwes gedurende Januarie en Februarie. Hierdie verruiming in die mark is nie in enige groot mate deur Reserwebankoptredes teengewerk nie. Netto verkope van staatseffekte deur die Bank het byvoorbeeld gedurende Januarie en Februarie slegs R30 miljoen beloop. Die bank het egter gedurende die loop van Februarie die bedrag van deposito's van die Korporasie vir Openbare Deposito's (KOD) wat by diskontohuise geplaas is, verminder. Onder hierdie omstandighede het die Bank se herfinansiering, in die vorm van herdiskontering en oornaglenings, afgeneem van 'n daagliks gemiddelde van R1 664 miljoen in Desember 1985 tot R734 miljoen in Februarie.

Geldmarkrentekoerse het op die ruimer marktoestand gereageer. Die koers op bankaksepte van drie maande het van 13,60 persent op 27 Desember 1985 tot 12,15 persent op 7 Februarie 1986 afgeneem. Insgelyks het die skatkiswisseltenderkoers van 12,99 persent tot 12,02 persent oor hierdie tydperk gedaal. Hierdie rentekoersdalings is bevestig deur 'n verdere verlaging van 1 persent tot 12 persent in die Bankkoers op 17 Januarie, gevolg deur 'n verlaging van 16,5 persent tot 15,5 persent in die prima-oortrekkingskoers van die verrekeningsbanke.

Die uitwerking van die seisoenale beweging van belastingfondse na die Regering teen die einde van Februarie is grootliks deur die Reserwebank geneutraliseer. KOD-deposito's by die diskontohuise is aan die einde van Februarie weer tot R700 miljoen verhoog. Terselfdertyd het die Bank terugkoopooreenkomste, wat oor die maand-einde in totaal R500 miljoen beloop het, met bankinstellings aangegaan. Daarbenewens het die Bank se herfinansiering van 'n laagtepunt van R454 miljoen op 18 Februarie tot R1 960 miljoen aan die einde van die maand toegeneem.


Gedurende die tweede helfte van Maart het groot verkope van buitelandse valuta deur die Reserwebank, in reaksie op 'n toename in die vraag in die valutamark, 'n vernouende invloed op die geldmarktoestand uitgeoefen. Dit is verder versterk deur 'n skerp styging in die banknote in omloop voor die Paasnaweek en die skoolvakansies. Ten einde te help om hierdie invloed teen te werk, het die Bank nuwe terugkoopooreenkomste, wat teen die einde van Maart R920 miljoen beloop het, aangegaan en KOD-deposito's by die diskontohuise is tot R800 miljoen verhoog. Behalwe hierdie bystand het die Bank se her-

finansiering teen die einde van Maart tot R2 355 miljoen toegeneem.

'n Seisoenale toename in owerheidsbesteding, 'n afname in die banknote in omloop en netto aankope van buitelandse valuta deur die Reserwebank het tot 'n verruiming in die geldmarktoestand vanaf die begin van April gelei. In ooreenstemming hiermee is die terugkoopoor eenkomste toegelaat om te verval en het die Reserwebank begin om nuwe staatseffekte op 'n groter skaal te bemark. Die netto verkope van staatseffekte gedurende April het R344 miljoen beloop en gedurende Mei R633 miljoen, vergeleke met 'n totaal van R40 miljoen gedurende die eerste kwartaal van 1986. Die Reserwebank het ook die bedrag aan skatkiswissels wat by die weeklikse tenders aangebied word, verhoog en spesiale skatkiswissels verkoop wat teen die einde van Augustus, wanneer nog 'n seisoenale beweging van belastingfondse na die Regering sal plaasvind, verval. In ooreenstemming met hierdie ruimer marktoestand het die Reserwebank se herfinansiering afgeneem tot R1699 miljoen aan die einde van April en verder tot R1606 miljoen aan die einde van Mei. KOD-deposito's by die diskontohuise het tot die einde van Mei op R800 miljoen gebly.

Die uitwerking van die Reserwebank se stabilisasieoptrede in die geldmark was dat daar gedurende Febru-

Korttermynrentekoerse



arie en Maart, op 'n tydstip toe tydelike vernouende kragte aan die werk was, slegs 'n matige styging in korttermynkoerse voorgekom het en dat korttermynkoerse verhinder is om oordreve te reageer op suiwer seisoenale ekspansionistiese kragte in April. Die koerse op bankaksepte van drie maande het tot 12,45 persent aan die einde van Maart gestyg voordat dit weer afwaarts geskommel het tot 11,35 persent op 3 Mei. Die skatkiswisseltenderkoers het sy vlak van ongeveer 12,0 persent vroeg in Februarie regdeur die res van Februarie en Maart gehandhaaf, maar daarna tot 10,85 op 2 Mei gedaal.

In erkenning van die verruiming in die marktoestand sowel as die verlangsaming in ekonomiese bedrywigheid gedurende die eerste kwartaal van 1986 en die betreklik lae groeikoers van die geldvoorraad, is al die Reserwebank se herdiskonteringskoerse op 5 Mei met 1 persentasiepunt verlaag. Die Bankkoers is byvoorbeeld tot 11 persent verlaag. Dit is onmiddellik gevolg deur 'n verlaging in die verrekeningsbanke se prima-oortrekingskoers van 15,5 tot 14,5 persent. Ander korttermynrentekoerse wat reeds die verruiming in die marktoestand weerspieël het, het tot die einde van Mei bykans onveranderd gebly. Die koers op bankaksepte van drie maande het op 30 Mei op 11,30 persent en die skatkiswisseltenderkoers op 11,02 persent te staan gekom.


Kapitaalmarkbedrywigheid en langtermynrentekoerse

In teenstelling met die traagheid in reële ekonomiese bedrywigheid, was finansiële bedrywigheid gedurende die eerste kwartaal van 1986 betreklik lewendig. Dit was veral opvallend in die sekondêre kapitaalmark. So byvoorbeeld was die waarde van aandele en die effekte van die openbare sektor wat op die effektebeurs verhandel word gedurende die eerste kwartaal meer as 50 persent hoër as die kwartaallikse gemiddelde vir 1985. Hierdie hoër omsetvlakke is gedurende April gehandhaaf. Selfs in die bedrukte eiendomsmark was die waarde van transaksies in die eerste kwartaal effens hoër as die kwartaallikse gemiddelde vir 1985.


Effektepryse het die hoër omsetpeile weerspieël. So het aandelepryse hul opwaartse neiging, wat vanaf Maart 1985 opmerklik was, gehandhaaf, en gedurende die eerste kwartaal van 1986 met gemiddeld 7 persent gestyg. Hierdie hoër aandelepryse is behaal ten spyte van volgehoud netto verkope deur nie-inwoners sedert Mei 1985. Suid-Afrikaanse finansiële instellings was die vernaamste kopers van aandele wat deur die buitelanders verkoop is. Die pryse van vaste-rentedraende effekte, wat gedurende die tweede helfte van 1985 gedaal het, het gedurende die eerste kwartaal van 1986 weer inlyn met die stygende aandelepryse beweeg. Gedurende April het aandelepryse egter met gemiddeld 4 persent gedaal, terwyl daar terselfdertyd 'n effense verswakkking in die pryse van vaste-rentedraende effekte voorgekom het.

Transaksies in die primêre mark het gedurende die eerste kwartaal van 1986 die gedemptheid in die reële

Aandelepryse



Verbandlenings en transaksies in vaste eiendom



ekonomiese bedrywigheid meer getrou weerspieël. Die bedrag aan nuwe kapitaal wat deur die openbare sektor sowel as die private sektor opgeneem is, was laer as die ooreenstemmende kwartaallikse gemiddeldes vir 1985. Hier teenoor het die bouverenigings se verbandleningsake teen 'n effense hoër koers as in die eerste kwartaal van 1985 toegeneem. Die verhoogde leningsbedrywigheid van die bouverenigings het verband gehou met 'n aansienlike hoër inname van nuwe fondse en 'n effens sterker vraag na behuisingslenings in reaksie op laer verbandkoerse.


	Mrt/Mar	3 735	5 386	14 943	24 651		Mrt/Mar	9 357	19 482	39 243	56 305
	Apr	3 785	5 476	15 148	24 985		Apr	9 819	20 160	40 552	57 535
	Mei/May	3 937	5 601	15 390	25 334		Mei/May	9 860	20 470	41 316	58 513
	Jun	4 015	5 546	15 384	25 527		Jun	9 833	20 984	41 861	59 225
	Jul	4 019	5 530	15 573	25 761		Jul	9 627	21 373	42 819	60 170
	Aug	4 173	5 677	15 834	26 173		Aug	9 753	22 034	43 902	61 008
	Sept	4 254	5 709	15 920	26 505		Sept	9 500	22 465	45 287	62 347
	Okt/Oct	4 354	5 865	16 311	27 096		Okt/Oct	9 713	22 985	46 035	63 121
	Nov	4 478	5 913	16 554	27 448		Nov	9 855	23 579	47 246	64 422
	Des/Dec ...	4 639	6 250	16 984	28 052		Des/Dec ...	9 907	23 922	47 258	64 561
1980	Jan	4 674	6 239	17 159	28 381	1985	Jan	9 794	24 639	48 078	65 027
	Feb	4 762	6 407	17 369	28 704		Feb	9 874	25 231	48 770	65 866
	Mrt/Mar	4 889	6 835	17 612	29 154		Mrt/Mar	9 740	24 948	48 636	65 594
	Apr	4 807	6 487	17 597	29 205		Apr	9 757	24 839	49 138	66 446
	Mei/May	5 117	6 691	18 102	29 704		Mei/May	10 198	25 076	50 272	67 726
	Jun	5 488	7 051	18 704	30 411		Jun	10 172	25 163	50 887	68 889
	Jul	5 524	7 289	19 243	31 301		Jul	10 253	25 680	51 198	69 222
	Aug	5 662	7 390	19 569	31 737		Aug	11 007	25 988	52 521	70 647
	Sept	5 781	7 803	20 250	32 782		Sept	11 093	23 566	51 937	70 350
	Okt/Oct	5 955	8 006	20 485	33 442		Okt/Oct	11 364	22 139	52 640	71 141
	Nov	6 049	8 237	20 922	33 816		Nov	11 374	21 206	52 351	70 986
	Des/Dec ...	6 146	8 389	21 305	34 547		Des/Dec ...	11 883	22 201	53 930	72 442
1981	Jan	6 207	8 683	22 340	35 268	1986	Jan	11 994	21 328	52 876	71 855
	Feb	6 311	8 954	22 565	35 903		Feb	11 917	22 146	54 930	74 474
	Mrt/Mar	6 363	8 871	22 880	36 311		Mrt/Mar	12 359	22 172	53 700	73 200
	Apr	6 548	9 363	23 982	37 711						
	Mei/May	6 477	9 559	24 262	38 323						
	Jun	6 475	9 545	24 240	38 212						
	Jul	6 573	9 901	24 869	39 219						
	Aug	6 571	9 902	24 962	39 421						
	Sept	6 632	10 029	25 271	39 415						
	Okt/Oct	6 739	10 395	25 686	39 822						
	Nov	6 701	10 546	26 079	40 341						
	Des/Dec ...	6 755	10 657	26 342	40 643						
1982	Jan	6 782	10 430	26 314	40 810						
	Feb	6 826	10 769	26 725	41 087						
	Mrt/Mar	6 868	11 597	27 368	41 734						
	Apr	6 830	11 295	27 239	41 593						
	Mei/May	6 873	11 206	27 298	41 833						
	Jun	6 897	11 567	27 845	42 392						
	Jul	7 009	11 933	28 107	42 921						
	Aug	6 978	12 467	28 697	43 748						
	Sept	7 098	12 653	29 119	44 843						
	Okt/Oct	7 004	12 128	29 837	45 080						
	Nov	7 223	12 599	30 146	45 990						
	Des/Dec ...	6 952	12 804	30 813	46 959						

* Nie beskikbaar nie

*Not available

Tabel 3: Groeikoerse van die nuwe monetêre totale

Percentasieverandering oor twaalf maande

Einde/End of	M1(A)	M1	M2	M3	Einde/End of	M1(A)	M1	M2	M3
1979 Jan	-	11,2	13,4	15,6	1983 Jan	8,6	26,6	19,6	17,5
Feb	-	13,1	13,4	16,4	Feb	8,9	23,3	19,2	18,4
Mrt/Mar	-	22,4	14,2	17,4	Mrt/Mar	9,2	18,1	19,3	18,1
Apr	-	21,7	13,0	16,5	Apr	8,2	23,7	18,1	20,4
Mei/May	-	23,8	12,8	16,1	Mei/May	14,3	32,3	26,3	22,2
Jun	-	16,2	10,0	14,7	Jun	12,5	33,8	25,3	22,1
Jul	-	15,4	10,5	14,3	Jul	12,9	25,5	23,8	20,3
Aug	-	16,3	10,2	13,9	Aug	12,4	22,8	23,4	19,8
Sept	-	19,9	11,2	14,4	Sept	20,2	32,1	26,9	20,3
Okt/Oct	-	22,9	13,1	15,9	Okt/Oct	20,7	36,6	21,9	18,4
Nov	-	19,8	13,2	15,8	Nov	17,9	31,6	22,4	17,2
Des/Dec ...	-	26,0	15,9	17,3	Des/Dec ...	24,7	37,9	22,7	16,4
1980 Jan	-	26,9	17,0	18,5	1984 Jan	22,0	41,6	23,7	16,3
Feb	-	26,5	17,6	18,2	Feb	22,5	44,8	24,2	16,1
Mrt/Mar	31,6	26,8	18,1	18,4	Mrt/Mar	25,1	41,8	20,3	14,4
Apr	27,6	18,3	16,3	17,0	Apr	33,5	44,1	26,2	15,0
Mei/May	30,8	19,8	17,6	17,3	Mei/May	26,1	38,2	19,7	14,3
Jun	37,3	26,6	21,6	19,1	Jun	26,8	35,2	20,0	14,2
Jul	38,0	31,5	23,4	21,5	Jul	21,4	42,0	22,5	16,0
Aug	36,2	29,9	23,3	21,2	Aug	24,2	44,1	23,7	16,1
Sept	36,5	37,4	27,2	23,6	Sept	11,1	34,9	22,5	15,5
Okt/Oct	37,2	36,9	25,7	23,4	Okt/Oct	14,4	38,6	26,5	18,3
Nov	35,6	39,4	26,3	23,2	Nov	15,7	41,7	27,9	19,5
Des/Dec ...	32,9	33,8	25,4	23,2	Des/Dec ...	14,0	34,5	24,7	18,2
1981 Jan	32,8	42,6	30,2	24,3	1985 Jan	9,1	31,6	23,9	16,8
Feb	32,5	39,6	30,0	25,1	Feb	8,7	31,9	23,8	17,0
Mrt/Mar	30,4	29,5	30,2	24,8	Mrt/Mar	4,1	28,1	23,9	16,5
Apr	36,5	44,2	36,3	29,1	Apr	-0,6	23,1	21,1	15,4
Mei/May	26,8	43,2	34,0	29,1	Mei/May	3,5	22,6	21,7	15,7
Jun	18,0	35,1	29,7	25,8	Jun	3,4	19,9	21,7	16,3
Jul	19,1	35,7	29,1	25,3	Jul	6,5	20,1	19,6	15,0
Aug	16,1	33,9	27,3	24,1	Aug	12,9	18,1	19,6	15,7
Sept	14,6	29,3	24,9	20,2	Sept	16,8	5,0	14,7	12,9
Okt/Oct	13,1	30,1	25,4	19,0	Okt/Oct	16,9	-3,7	14,4	12,7
Nov	10,7	28,2	24,5	19,2	Nov	15,4	-10,1	10,8	10,2
Des/Dec ...	9,6	26,2	23,4	17,6	Des/Dec ...	19,8	-7,3	14,1	12,3
1982 Jan	9,4	18,6	18,0	15,9	1986 Jan	22,6	-12,8	10,2	10,6
Feb	8,3	20,4	18,6	14,5	Feb	20,6	-11,9	12,7	13,1
Mrt/Mar	7,8	30,2	19,9	15,1	Mrt/Mar	26,5	-10,7	10,2	11,3
Apr	4,5	20,5	13,7	10,4					
Mei/May	6,6	17,7	12,6	9,3					
Jun	6,6	20,8	15,0	11,1					
Jul	6,5	20,3	12,8	9,4					
Aug	6,1	25,6	14,7	10,8					
Sept	6,8	26,7	15,2	13,6					
Okt/Oct	3,7	16,9	16,2	13,1					
Nov	7,6	19,6	15,5	13,9					
Des/Dec ...	2,5	19,4	16,9	15,4					

Table 3: Rates of growth of the new monetary aggregates

Percentage change over twelve months

Hersiening van die monetêre totale

Deur E J van der Merwe en J S Terblanche

Inleiding

Monetêre beleid speel 'n belangrike rol in die bereiking van die makro-ekonomiese beleidsdoelstellings van relatiewe binnelandse prysstabiliteit, betalingsbalansewewig, hoë en stabiele indiensneming en optimale langtermyn-ekonomiese groei. Om hierdie uiteindelike doelstellings te verwesenlik, beïnvloed baie sentrale banke veranderlikes soos monetêre totale of totale bankkrediet, as intermediaire mikpunte in hul beleidsoptredes. In hierdie toepassing van monetêre beleid kan rentekoerse of die kontantbasis van die bankstelsel deur sentrale banke as operasionele veranderlikes gebruik word ten einde die intermediaire mikpunte en uiteindelike beleidsdoelstellings te bereik. Deur opemarktransaksies te onderneem, reserwevereistes en herdiskonteringskoerse te verander of ander beleidsinstrumente toe te pas, is die monetêre owerhede in staat om toestande in die finansiële markte te verander ten einde die gekose operasionele veranderlike te beïnvloed.

In die *Finale Verslag* van die Kommissie van Ondersoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika is aanbeveel dat "die Reserwebank spesifieke intermediaire doelstellings van monetêre beleid aanvaar in die vorm van groeikoersmikpunte vir een of meer uitgesoekte geldvoorraadgroothede".¹ Die Kommissie het dit beklemtoon dat deur die gebruik van monetêre mikpunte voor te stel dit "nie aanbeveel nie dat 'n stram en oorheerde 'geldreël' aanvaar word waarvolgens rentekoerse en wisselkoerse heeltemal vrygelaat word om te alle tye hulle eie vlakke te vind".² In plaas daarvan het dit aanbeveel dat monetêre mikpuntstelling buigsaam en met 'n "lae profiel", toegepas moet word. In ooreenstemming met hierdie aanbevelings is monetêre mikpuntstelling deur die owerhede op 17 Maart 1986 ingestel. Daar is besluit om die nuwe M3 geldvoorraadtotaal, wat in hierdie artikel in besonderhede gedefinieer en bespreek sal word, vir mikpuntdoeleindes te gebruik. Die mikpunt vir 1986 is gestel in die vorm van 'n toelaatbare speelruimte vir die groeikoers in M3 van tussen 16 en 20 persent tussen die vierde kwartaal van 1985 en die vierde kwartaal van 1986.

As gevolg van hierdie ontwikkelings en aanbevelings het dit belangrik geword om die statistiese verwantskappe tussen die verskillende geldvoorraadbegrippe en daardie makro-ekonomiese veranderlikes wat monetêre beleid uiteindelik wil beïnvloed, te ontleed. Sedert ongeveer 1980 het die finansiële struktuur in Suid-Afrika egter aansienlik verander, deels as gevolg van die uitwerking van die oorgang van die gebruik van meer "regstreekse" na meer markgerigte instrumente van monetêre beleid. In

die woorde van die De Kock-kommissie is, "die verloop van die monetêre groothede gedurende die jare vanaf 1965 tot die begin van die tagtigerjare grootliks beïnvloed deur die grootskaalse gebruik van 'direkte' instrumente van monetêre beleid en abnormaal hoë kontantreserwe- en likwiede-batevereistes gedurende dié tydperk, en (kan) dus nie as aanduiding dien vir die waarskynlike verloop van hierdie groothede onder die meer markgerigte monetêre-beleidsrigtings wat die Kommissie vir die toekoms aanbeveel nie".³ Met die oog op hierdie oorwegings sal betekenisvolle statistiese verwantskappe slegs bepaal kan word nadat die nuwe stelsel vir 'n langer tydperk in werking is.

Alhoewel 'n gesofistikeerde empiriese ontleding van die gedrag van monetêre totale en hul verwantskap met belangrike ekonomiese veranderlikes in hierdie omstandighede onvanpas mag wees, het dit nogtans nodig geword om die vorige definisies met betrekking tot monetêre totale te hersien omdat hulle nuttigheid toenemend deur verskeie finansiële innovasies en ontwikkelings sowel as verskillende tegniese en begripsprobleme beïnvloed is. "Hieronder was daar eerstens die verstringings van die gemete geldhoeveelheidsyfers deur die prosesse van 'disintermediasie' en 'herintermediasie', insluitende skuiwe deur die banke vanaf balansstaat- na buite-balansstaatfinansiering en omgekeerd. Hierdie prosesse is natuurlik in 'n groot mate beïnvloed deur die afskaffing in 1980 van depositokoersbeheer en die plafonne op bankkrediet, wat baie lenings na die balansstate van die banke teruggebring het en derhalwe die geldhoeveelheidsyfers opgeblaas het, terwyl dit die omloopsnelheid van geld terselfdertyd skerp verminder het. Tweedens, is die geldhoeveelheidsyfers, soos op maandeindes gemeet, onderworpe aan onvoorspelbare en onreëlmaterige skommelings wat geneig het om die rigting van korttermynveranderings te verbloem. Laastens is die monetêre totale deur verskillings tussen die verskillende klasse deposito's beïnvloed, vanweë veranderings in likwiditeitsvoordeure, finansiële innovasies en werklike en verwagte veranderings in die vlak en struktuur van rentekoerse".⁴

Die Kommissie van Ondersoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika het ook bevind dat die vorige definisies van die geldvoorraadtale nie heeltemal bevredigend vir doeleindes van mikpuntstelling was nie omdat hulle nie alle identiese en nou verwante monetêre bates wat deur die nie-bank- private sektor by ander "spaartussengangers" gehou word, ingesluit het nie.⁵ Die Kommissie het tot die gevolgtrekking gekom dat "daar in Suid-Afrika, net soos in die Verenigde State,

¹ Republiek van Suid-Afrika, Kommissie van Ondersoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika: *Die monetêre stelsel en monetêre beleid in Suid-Afrika* (Finale verslag), RP 70/1984, Staatsdrukker, Pretoria, 1985 p.183.

² *Ibid.*, p.183.

³ *Ibid.*, p.189.

⁴ Suid-Afrikaanse Reserwebank: *Jaarlikse Ekonomiese Verslag*, 1984, p.21.

⁵ Republiek van Suid-Afrika, Kommissie van Ondersoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika: *op cit.*, p.188.

goeie gronde (bestaan) om die monetêre groothede op so 'n wyse te herdefinieer dat hulle wesenlik eenderse deposito's of ander bates van die binnelandse nie-bank-private sektor, waar dié ook al gehou word, insluit. Die ideaal sou wees dat bates vir insluiting by 'n monetêre groothed geselekteer word volgens die een of ander vervangbaarheidsmaatstaf; die statistiese grenslyne van die verskeie monetêre groothede behoort by duidelike openings in die ketting van plaasvervangers getrek te word".⁶

In ooreenstemming met hierdie sienswyse beoog hierdie artikel om 'n kritiese waardebeoordeling te maak van die geldvoorraadbegrip wat in Suid-Afrika gebruik is en om die nuut-gedefinieerde monetêre totale op basis van teoretiese gronde sowel as die praktiese institusionele en finansiële opset in Suid-Afrika, te verduidelik. 'n Kort uiteensetting van die maatstawwe wat in aanmerking geneem moet word by die definiering van die monetêre totale word in die volgende afdeling gegee, gevvolg deur 'n beskrywing van die benaderings wat oor die jare in Suid-Afrika gevolg is om die monetêre totale te definieer, die verskillende totale wat deur die Reserwebank bereken is en die veranderings wat in die definisies van die monetêre totale teweeggebring is. Die definisies van die nuwe monetêre totale word daarna bespreek. Die artikel word afgesluit met 'n breë beskrywing van die verloop van die nuut-gedefinieerde totale vanaf 1978 tot die eerste kwartaal van 1986.⁷

Maatstawwe om geld te definieer

Die geldbegrip vervul 'n sentrale rol in die ekonomiese teorie, ekonomiese ontledings en die toepassing van monetêre beleid. Ondanks die belangrikheid van hierdie begrip was daar nog nooit volkome eenstemmigheid oor die beste definisie en die meting van geld nie. In die ekonomiese literatuur word geld in die algemeen in ooreenstemming met sy funksies gedefinieer – 'n ruilmiddel, 'n rekeneenheid, 'n maatstaf van uitgestelde betalings en 'n waardedraer. Bykans onoorbrugbare probleme ontstaan egter wanneer daar gepoog word om hierdie teoretiese begrip in statistiese afbakening en meting van die geldvoorraad te omskep.

Die statistiese meting van geld verskil derhalwe aansienlik van land tot land. Hierdie verskille is grootliks afhanglik van die klem wat op die verskillende funksies van geld geplaas word. Tradisioneel is die transaksiebenadering oorwegend gebruik om geld te definieer omdat daar geglo is dat die belangrikste onderskeidende kenmerk van geld sy gebruik as 'n ruilmiddel is. In onlangse jare het finansiële innovasies asook wetlike veranderings die onderskeid tussen transaksiedeposito's en ander finansiële bates laat vervaag. Gevolglik het die likwiditeitsbenadering of die funksie as waardedraer toenemend in

die definisies van geld na vore gekom. Boonop is ander maatstawwe, soos geld se verwantskap met ander makro-ekonomiese veranderlikes, die beheerbaarheid van monetêre totale en die beskikbaarheid van inligting, ook in aanmerking geneem.

Die sienswyse dat geld uitsluitlik as 'n betaalmiddel gedefinieer moet word, het algemeen tot in die laat vyftigerjare gegeld.⁸ Volgens hierdie benadering bestaan geld slegs uit bates wat algemeen as 'n betaalmiddel aanvaarbaar is. Enige bate wat eers in 'n aanvaarbare betaalmiddel omgesit moet word voordat dit vir finale vereffening gebruik kan word, behoort nie as geld geklassifiseer te word nie maar eerder as 'n nie-monetêre finansiële bate. Voorstanders van hierdie benadering glo dat bates wat algemeen as 'n betaalmiddel aanvaarbaar is 'n groter uitwerking op bestedingsbesluite het as ander likwiede bates. Hulle glo ook dat transaksiesaldo's nou verwant is aan totale besteding en derhalwe belangrike beleidsveranderlikesis in die bereiking van die uiteindelike doelstellings van monetêre beleid.

Aan die ander kant glo kritici van hierdie benadering dat die betaalmiddelmaatstaf nie altyd in die praktyk van toepping is nie.⁹ Hulle redeneer dat geen bate in alle omstandighede as 'n betaalmiddel aanvaarbaar is nie, selfs nie geld nie, of omgekeerd dat bykans alle bates in sekere omstandighede as 'n betaalmiddel aanvaarbaar kan wees. Wetlike veranderings en finansiële innovasies het in baie lande ook twyfel oor die bruikbaarheid van 'n transaksiebenadering by die definiering van geld laat ontstaan.¹⁰ Rentebetalings op transaksiedeposito's mag in die besonder lei tot 'n konsolidasie van saldo's wat uitsluitend vir transaksiedoeleindes gehou word met saldo's wat vir ander doelesindes gehou word. Daar moet egter gelet word daarop dat selfs al word rente nie op transaksiesaldo's betaal nie, sal sulke saldo's gewoonlik om verskillende redes, met inbegrip van voorsorg vir onvoorsiene uitgawes en risikovermyding, binne die algemene raamwerk van besluitnemers se optimalisering van hul portefeuillesmestellings en strategie, gehou word.

Hierdie probleme het tot toenemende steun vir die likwiditeitsbenadering by die definiering van geld geleid. Die likwiditeitsbenadering het sy oorsprong in Keynes se teorie van likwiditeitsvoorkleur gehad. Volgens Keynes is die vraag na geld ook afhanglik van die likwiditeitsbegeerte en nie slegs van die behoefte om lopende aankope te finansier nie.¹¹ Derhalwe moet die transaksiemotief om geld te hou by die voorsorg- en spekulasiemotiewe

⁶ *Ibid.*, pp.188 en 189.

⁷ Soos hieronder aangedui word, kon die hersiene reekse van die nuwe totale slegs vanaf die begin van 1978 bereken word vanweë 'n gebrek aan inligting vóór daardie datum.

⁸ Driscoll, M.J., du Plessis, J.J.A., en Ford, J.L.: "Monetary aggregates and economic activity in South Africa: Some preliminary findings", *Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie*, September 1981, p.220.

⁹ Gowland, D.: *Controlling the money supply*, Croom Helm, Londen, 1982, p.3.

¹⁰ Board of Governors of Federal Reserve System: "A proposal for redefining the monetary aggregates", *Federal Reserve Bulletin*, Januarie 1979, p.13.

¹¹ Keynes, J.M.: *The general theory of employment, interest and money*, Londen, MacMillan, 1957, p.170.

gevoeg word ten einde die totale vraag na geld te verstaan.

Die likwiditeitsbenadering lê klem op die waardedraerfunksie eerder as die ruilmiddelfunksie wat in die transaksiebenadering beklemtoon word. Voorstanders van eersgenoemde benadering wys daarop dat feitlik alle finansiële bates omgeskakel kan word in 'n finale betaalmiddel. Hulle glo ook dat beheer van die enger gedefinieerde monetêre totale mag lei tot die vervanging van eng-gedefinieerde geld met geldverwante finansiële bates. Om hierdie redes verkies hulle breër definisies van geld wat termyndeposito's by 'n wye verskeidenheid finansiële instellings insluit.

In empiriese verband is hierdie benadering egter meer dubbelsinnig as die transaksiebenadering.¹² Geen duidelike definisie van likwiditeit het na vore gekom om leiding te gee by die keuse van finansiële bates wat as geld beskou moet word nie. So byvoorbeeld is die likwiditeit van bates beskryf as die mate waarin die betrokke bate op 'n onbekende toekomstige tydstip teen 'n bekende prys op kort kennisgewing en met minimum koste verkoop of afgelos kan word.¹³ Likwiditeit is dus in 'n meerder of mindere mate 'n eienskap van alle bates. Die faktor wat dikwels as bepalend vir die likwiditeit van 'n finansiële bate beskou word, is sy looptyd tot verval datum.¹⁴ Volgens hierdie benadering is die belangrikste kenmerk van geld dat dit die mees likwiede van alle bates is.

Vanweë hierdie struikelblokke maak sommige ekonome nie slegs op teoretiese eienskappe staan om oor 'n definisie van geld te besluit nie. In plaas daarvan toets hulle die verskillende alternatiewe definisies van geld empiries ten einde dié te vind wat die betroubaarde verwantskappe met inkomse en pryse toon. Hoe meer stabiel en voorspelbaar die historiese verwantskap is tussen 'n monetêre totaal en die ekonomiese veranderlikes wat deur monetêre beleid beïnvloed moet word, soos bruto binneelandse produk of besteding, hoe waarskynliker is dit dat veranderings in daardie monetêre totaal die ekonomie in die toekoms op 'n voorspelbare wyse sal beïnvloed.¹⁵ Ongelukkig kan 'n verandering in die aard van monetêre bates veroorsaak dat historiese verwantskappe nie in die toekoms geld nie. Onlangse veranderings in die finansiële struktuur en finansiële instrumente van baie lande het die bruikbaarheid van gelddefinisies wat op ekonomiese-bepaalde verwantskappe van die verlede gebaseer is, aan bande gelê.

'n Ander belangrike maatstaf om toepaslike monetêre totale te definieer, is die vermoë van die monetêre ower-

hede om die vlak en groeikoerse van hierdie totale te beheer. Die mate van beheer hang grootliks af van die operasionele veranderlikes wat deur die monetêre owerhede gekies word. Indien hulle rentekoerse as hul operasionele veranderlike gebruik, sal beheer oor 'n besondere monetêre totaal hoofsaaklik afhang van die gevoeligheid van die vraag na daardie totaal vir veranderings in rentekoerse. Indien hulle bankreserves as hul operasionele veranderlike gebruik, sal beheer oor die monetêre totaal groter wees indien die komponente van die totaal aan reserwevereistes onderworpe is.

Selfs al is monetêre begrippe teoreties geskik, sal hulle vir ontledings en beleidsdoeleindes nie baie bruikbaar wees indien hulle nie noukeurig gemeet kan word nie. By die definiëring van monetêre totale is die beskikbaarheid van statistiek 'n belangrike oorweging. Daarbenewens is die frekwensie en tydigheid van die beskikbaarheid van monetêre statistiek van die uiterste belang vir die doeltreffende en tydige toepassing van monetêre beleid.

Benaderings in Suid-Afrika gevvolg

Die monetêre totale in Suid-Afrika is oorspronklik op die transaksiemaatstaf gebaseer. Die amptelike geldvoorraadsyfers wat vir die eerste keer in 1946¹⁶ gepubliseer is, is gedefinieer as die som van goud-, silwer- en kopermunte in omloop, die netto bedrag aan banknote buite die bankstelsel gehou, onmiddellik opeisbare deposito's by die handelsbanke en deposito's by die Reserwebank met die uitsondering van deposito's van banke.¹⁷ Hierdie syfers is bereken as deel van 'n breë monetêre ontleding vir Suid-Afrika wat ook die oorsake van veranderings in die geldvoorraad volgens 'n balansstaatidentiteit, gebaseer op die gekonsolideerde bates en laste van die Reserwebank en die handelsbanke, aangetoon het.

Aan die begin van 1963 is aansienlike veranderings aan hierdie ontleding¹⁸ gemaak, en vir die eerste keer is die likwiditeitsmaatstaf toegepas om 'n breë geldbegrip te definieer. Geld is herdefinieer as note en munte in omloop buite die banksektor en onmiddellik opeisbare deposito's by die handelsbanke en die Reserwebank, uitgesonderd die deposito's van die handelsbanke, die Regering en die Internasionale Monetêre Fonds by die Reserwebank. Die banksektor is herdefinieer om bykomstig tot die Reserwebank en die handelsbanke, die Nasionale Finansiekorporasie, diskontohuise en die korttermynbedrywighede van die Landbank ook in te sluit. Terselfdertyd is die begrip "kwasi-geld" ingestel, bestaande uit alle termyn- en spaardeposito's by die banksektor, (insluitende daggeld

¹² Board of Governors of the Federal Reserve System, Advisory Committee on Monetary Statistics: *Improving the monetary aggregates*, Washington, 1976, p.9.

¹³ Hicks, J.R.: "Liquidity", *Economic Journal*, Desember 1962, p.787.

¹⁴ Higgins, B. en Faust, J.: "Now's and super now's: implications for defining and measuring money", Federal Reserve Bank of Kansas City, *Economic Review*, Januarie 1983, p.16.

¹⁵ Board of Governors of the Federal Reserve System: *op.cit.*, p.24.

¹⁶ Suid-Afrikaanse Reserwebank, *Kwartaalblad*, Desember 1946.

¹⁷ De Jongh, T.W.: *An analysis of banking statistics in the Union of South Africa (1910-45)*, J.L. van Schaik Bpk, Pretoria, 1947, pp.89-92.

¹⁸ Sien Van Staden, B.: "n Monetêre ontleding vir Suid-Afrika", Suid-Afrikaanse Reserwebank, *Kwartaalblad*, Maart 1963, pp.xxxviii-iii.

by die Nasionale Finansiekorporasie en die diskontohuise en deposito's by die Landbank, asook skatkiswissels, belastingdelgingsertifikate en korttermynstaatseffekte wat buite die bank- en die regeringsektor gehou is.

Hierdie nuwe benadering is ook vervat in die Verslag van die Tegniese Komitee oor Bank- en Bouverenigingwetgewing in 1964 wat verklaar het: "Die Komitee is gevoleklik daarvan oortuig dat dit nie langer voldoende is om die klem in monetêre ontleding en beleid te laat val op die 'geldvoorraad' in die eng betekenis wat vroeër gedefinieer is nie. Om monetêre ontleding so nuttig en monetêre beleid so doeltreffend moontlik te maak, sal die klem na die breëre begrip 'geld plus kwasi-geld' of, soos dit ook genoem word, 'likwiede bates in die hande van die private sektor', verskuif moet word".¹⁹

In 'n verdere hersiening van die Reserwebank se monetêre ontleding in 1966,²⁰ het die Bank voortgegaan om 'n eng en breë geldvoorraadbegrip te onderskei, maar die definisies van die monetêre totale en die banksektor is weer eens aansienlik verander. Die eng geldvoorraad (M1) is uitgebrei om, bo en behalwe munte en banknote in omloop buite die banksektor, alle onmiddellik opeisbare en daggelddeposito's gehou deur die nie-bank- private sektor by instellings in die nuut-gedefinieerde monetêre banksektor, in te sluit. Dit het 'n betekenisvolle verskuiwing verteenwoordig vanaf die ou transaksiemaatstaf om M1 te definieer, omdat daggeld en onmiddellik opeisbare deposito's van die nie-bank- private sektor by die Nasionale Finansiekorporasie, diskontohuise, aksebanke en monetêre huurkoop- en algemene banke deel van die geldvoorraad uitgemaak het. Kwasi-geld is herdefinieer as alle korttermyndeposito's, uitgesonderd onmiddellik opeisbare deposito's, en alle middeltermyndeposito's, insluitende spaardeposito's, van die nie-bank- private sektor by die monetêre banksektor. Dit het beteken dat langtermyndeposito's by die banksektor en likwiede eise teen die regeringsektor in besit van die nie-bank- private sektor weer by die definisie van kwasi-geld uitgesluit is.

Die nuut-gedefinieerde monetêre banksektor het bestaan uit die Suid-Afrikaanse Reserwebank, handelsbanke, aksebanke, die Nasionale Finansiekorporasie, diskontohuise, die korttermynbesigheid van die Landbank en alle ander geregistreerde bankinstellings waarvan die gemiddelde maandelikse bedrag aan onmiddellik opeisbare depositoverpligtigs gedurende die voorafgaande kalenderjaar ten minste R1 miljoen²¹ be-

dra het en waarvan die gemiddelde bedrag aan kort- en middeltermyndepositoverpligtigs gedurende die voorafgaande kalenderjaar gesamentlik ten minste een derde van die totale depositoverpligtigs van sulke instellings of ten minste R30 miljoen bedra het. Die belangrikste regverdiging vir die onderskeid tussen monetêre banke en ander finansiële instellings was "dat die monetêre banksektor in bepaalde omstandighede geld of kwasi-geld kan skep deur bykomende krediet aan die private en openbare sektore te verleen. Met ander woorde, deur hul bates uit te brei kan hulle as 'n groep hul eie verpligtings skep. Hierdie skepping van geld of kwasi-geld is iets wat ander finansiële instellings nie in enige noemenswaardige mate kan nadoen nie".²²

In hierdie definisies van die monetêre totale wat tot onlangs gebruik is, het die Reserwebank dus selfs nog nader aan die likwiditeitsbenadering beweeg. Hierdie verskuiwing is deur die bevindings van die Kommissie van Ondersoek na die Fiskale en Monetêre Beleid in Suid-Afrika onderskryf. In die Verslag word verklaar: "Terselfdertyd is dit egter duidelik dat geld vir die publiek nie slegs as ruilmiddel nie maar ook as 'n belangrike en voor-die-handiggende, hoewel soms baie tydelike, vorm van finansiële belegging kan diens doen".²³ Hierdie Kommissie het ook tot die gevolgtrekking gekom dat bo en behalwe die klein koste en risiko van finansiële verlies betrokke by die omskakeling van kwasi-geld in geld, kwasi-gelddeposito's die kenmerk het "dat hulle, na verstryking van hulle betreklike kort looptyd of opseggingstermyn, 'automaties', d.w.s. sonder verdere optrede, koste of moeite van die depositant, in betaalmiddele verander. Voorts sal 'n belangrike deel van die deposito's met 'n kort looptyd of opseggingstermyn in werklikheid reeds met die oog op voorheen vasgestelde bestedingsplanne of onvoorsiene betalingsverpligtigs aangehou word, terwyl hulle automatiese beskikbaarheid in die vorm van 'kontant' op 'n nabye datum in die toekoms ook 'n 'permissiewe' faktor kan word wat die houer se weerstand teen verdere, onbeplande en onvoorsiene, bestedings kan verminder of selfs as 'n aansporing tot sodanige verdere besteding kan dien".²⁴

In ooreenstemming met die bogenoemde ontwikkelings en aanbevelings, is die huidige hersiening van die monetêre totale weer hoofsaaklik gebaseer op die likwiditeitsmaatstaf tesame met die beskikbaarheid van gewens. Boonop is gevoel dat 'n totaal wat op die transaksiemaatstaf gebaseer is, vir ontledingsdoeleindes baie nuttig kan wees. Soos in baie ander lande,²⁵ het

¹⁹ Republiek van Suid-Afrika, Tegniese Komitee oor Bank- en Bouverenigingwetgewing: *Verslag*, RP 50/1964, Staatsdrukker, Pretoria, 1964, p.7.

²⁰ Sien De Kock, G.: "Geld, kwasi-geld en die monetêre banksektor"; Van Staden, B.: "'n Nuwe monetêre ontleding vir Suid-Afrika"; en Meijer, J.H.: "Die betekenis van ander likwiede bates as geld en kwasi-geld in die Suid-Afrikaanse volkshuis-houding", Suid-Afrikaanse Reserwebank, *Kwartaalblad*, Maart 1966, pp.35-55.

²¹ Hierdie bedrag is vanaf die begin van 1971 tot R3 miljoen en vanaf die begin van 1975 tot R5 miljoen verhoog.

²² De Kock, G.: *op.cit.*, p.37.

²³ Republiek van Suid-Afrika, Kommissie van Ondersoek na die Fiskale en Monetêre Beleid in Suid-Afrika: *Fiskale en monetêre beleid in Suid-Afrika, Derde Verslag*, RP 87/1970, Staatsdrukker, Pretoria, 1970, p.143.

²⁴ *Ibid.*, p.144.

²⁵ In 'n studie in die Verenigde State is byvoorbeeld gevind dat finansiële veranderings tot gevolg kon gehad het dat die eng geldvoorraad (M1) meer deur welvaartsoorwegings eerder

onlangse finansiële innovasies en veranderings in die finansiële struktuur van en praktyke in Suid-Afrika deposito's by finansiële instellings aansienlik beïnvloed, met die gevolg dat die betaalmiddel- en waardedraerfunksie van geld selfs meer as voorheen ineengestrengel geraak het. Hierdie ontwikkelings het die toepassing van die transaksiemaatstaf minder betekenisvol gemaak, maar die samestelling van 'n monetêre totaal gebaseer op die transaksiebenadering mag nietemin baie voordele vir ontledings en beleidsdoeleindes inhoud. Alhoewel dit moeilik is om so 'n monetêre totaal wat in terme van die huidige betalingsmeganisme slegs uit transaksiedeposito's bestaan, te definieer kan een benadering wees om daardie saldo's waartoe daar regstreekse toegang deur die betalingstelsel is, hierby in te sluit.²⁶ In Suid-Afrika sal dit tjeck- en transmissiedeposito's asook munte en banknote in omloop insluit.

Waardebepaling van verskillende monetêre totale

By die kontrolering van finansiële beleid kan dit gevaaalik wees om te veel vertroue op slegs een maatstaf van geld te plaas.²⁷ Die berekening van meer as een totaal skyn 'n meer sinvolle benadering te wees. Indien al die totale in dieselfde rigting beweeg of as sommige van hulle op 'n voorspelbare wyse afwyk, is die owerhede seker van die onderliggende neiging in die groei van geld. Indien totale op 'n onvoorspelbare wyse afwyk, dui dit op die noodsaaklikheid van 'n versigtige ontleding van die redes vir sodanige afwykings ten einde die onderliggende neiging van veranderings in die geldvoorraad te bepaal.

Die meeste lande in die wêreld bereken tans meer as een monetêre totaal. Die Federale Reserwestelsel in die Verenigde State bereken byvoorbeeld vier monetêre totale wat wissel van M1 tot 'n baie breë maatstaf van likwiede bates (L).²⁸ Monetêre mikpunte word egter vir slegs M1, M2 en M3 bepaal. In die Verenigde Koninkryk stel die Bank van Engeland nie minder nie as agt monetêre totale saam wat wissel van die sogenaamde "monetêre basis" tot 'n breë begrip van private sektor likwiditeit (PSL2).²⁹

as transaksiebedrywighede beïnvloed is omdat M1-saldo's 'n aantrekliker bewaarplek van likwiede bates geword het. Die breë geldvoorraadbegrippe kan boonop ook veranderings onderraan omdat 'n aantal innovasies geneig het om die likwiditeit van die verskillende soorte bates te bevorder; gevvolglik kan die rol van 'n omvattende welvaartsmaatstaf groter word. Sien Simpson, T.D. en Parkinson, P.M.: "Some implications of financial innovations in the United States", *Federal Reserve Bulletin*, Augustus 1984, pp.621 en 622.

²⁶ Reserve Bank of Australia: "Deregulation and monetary aggregates: some issues," *Bulletin*, Desember 1984/Januarie 1985, p.366.

²⁷ Sien Gowland, D.: *op cit.*, pp.6 - 7.

²⁸ 'n Tyd lank is 'n onderskeid ook gemaak tussen M1A (munte en onmiddellik opeisbare deposito's) en M1B (M1A plus ander tjeckdeposito's). Sien Simpson, T.D.: "The redefined monetary aggregates", *Federal Reserve Bulletin*, Februarie 1980, pp.97-114.

²⁹ Sien Bank of England: "Changes to monetary aggregates and the analysis of bank lending", *Quarterly Bulletin*, Maart 1984, pp.78-83.

Vir die tydperk 1986/87 het die Bank slegs twee mikpunte vir monetêre groei gestel, naamlik mikpuntgrense van tussen 2 en 6 persent vir die monetêre basis M0 en tussen 11 en 15 persent vir sterling M3.³⁰

Tot 1984 is slegs twee monetêre totale deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank bereken, naamlik 'n eng-gedefinieerde geldvoorraad totaal (M1) en 'n breed-gedefinieerde geldvoorraad totaal (M2). In die *Jaarlikse Ekonomiese Verslag* vir 1984 het die Reserwebank ook 'n breër monetêre totaal (M3) bekend gestel, wat afgesien van M2 ook langtermyndeposito's van die private sektor by monetêre bankinstellings ingesluit het, d.w.s. deposito's met 'n onverstreke looptyd van langer as ses maande. Hierdie bykomende monetêre totaal is aangebied omdat dit "minder beïnvloed (word) deur veranderings in batevoorkeure wat met finansiële innovasies en veranderings in verwagtings en in rentekoersstrukture verband hou". Daar is ook verklaar: "Hierdie benadering ontken natuurlik nie dat verskuiwings tussen die verskillende klasse deposito's in hul eie reg betekenisvol is en belangrike aanvullende inligting vir doeleindes van finansiële ontleding voorsien nie. 'n Breë monetêre totaal het die verdere voordeel dat dit normaalweg veranderings in die financiering van die Regering se begrotingstekort, in krediet aan die private sektor en in die land se betalingsbalans noukeurig weer-spieël".³¹

Alhoewel 'n breëre monetêre totaal deur die meting van M3 verkry word, is dit nie 'n noukeurige meting van die totale likwiditeit van private nie-finansiële bestedingseenhede nie. 'n Sterk saak kan uitgemaak word om, net soos in die Verenigde State en die Verenigde Koninkryk, 'n breër "likwiditeitsbegrip" van geld te bereken. Hoe breër die geldbegrip egter is, hoe groter is die probleme van meting en beheer. Dit is ook minder waarskynlik dat breër totale deur veranderings in die vlak en struktuur van rentekoerse beïnvloed sal word, omdat verskuiwings tussen verskillende komponente nie as 'n verandering in die grootte van die totale getoon sal word nie.

Daar kan ook aangevoer word dat 'n enger monetêre totaal, soos 'n kontant- of monetêre basis, onderskei behoort te word. Soos in grafiek 1 getoon word, was daar inderdaad vanaf die begin van die sewentigerjare 'n betreklik goeie verwantskap tussen veranderings in die monetêre basis (M0)³² en veranderings in die verbruikersprysindeks. 'n Toename in die monetêre basis is met 'n sloering deur 'n toename in verbruikerspryse gevvolg, terwyl 'n afname in die groeikoers van die monetêre basis 'n verlangsaming in die koers van toename van verbruikerspryse voorafgegaan het. Eweneens was daar 'n goeie ver-


³⁰ Bank of England: *Quarterly Bulletin*, Maart 1986, p. 20.

³¹ Suid-Afrikaanse Reserwebank: *Jaarlikse Ekonomiese Verslag*, 1984, p.21.

³² Vir doeleindes van hierdie artikel is 'n sogenaamde breë monetêre basis bereken wat bestaan uit note en munte in omloop plus alle deposito's van bankinstellings by die Suid-Afrikaanse Reserwebank.

Grafiek 1 : Monetêre basis

Persentasieverandering oor een jaar van drie-kwartale bewegende gemiddelde



wantskap tussen die groeikoers in die monetêre basis en veranderings in die bruto binnelandse besteding. Uit 'n eenvoudige lineêre regressie-ontleding vir die tydperk van die derde kwartaal van 1971 tot die vierde kwartaal van 1985, waarin veranderings in die nominale bruto binnelandse besteding as 'n funksie van veranderings in die monetêre basis uitgedruk is, is 'n bepaaldheidskoëfisiënt (R^2) van 0,65 verkry. Hierdie verwantskap was baie direk aangesien draaiopunte in die groeikoerse van hierdie twee reekse betreklik nou saamgeval het. Gevolglik kon die bepaaldheidskoëfisiënt nie deur die invoering van sloerings in die funksie verbeter word nie. Dit dui daarop dat die monetêre basis by bruto binnelandse besteding aanpas, eerder as wat die teenoorgestelde verwantskap geld.

Soos verwag kan word is die monetêre basis die onbestendigste van die verskillende monetêre totale en het sy inkome-omloopsnelheid gedurende die tydperk onder bespreking skerp geskommel. Daarbenewens bring 'n verhoging in die kontantreserwevereistes 'n ooreenstemmende toename in die monetêre basis mee, terwyl 'n verlaging in hierdie vereistes die teenoorgestelde uitwer-

king het. 'n Selfs belangriker rede om nie die monetêre basis te gebruik nie, is dat dit nie werklik 'n maatstaf van die geldvoorraad is nie omdat die banke se reserves by die Reserwebank nie deel van die private sektor se mees likwiede saldo's uitmaak nie, wat ook die rede is waarom dit van die ander monetêre totale uitgesluit word. M0 is ook uitermate eng omdat lopende rekenings by handelsbanke nie daarby ingesluit word nie, alhoewel hierdie rekenings klaarblyklik goeie of redelike goeie plaasvervangers vir banknote en munte in geldtransaksies is.

Die Reserwebank het derhalwe besluit om vier monetêre totale vir gebruik in sy publikasies te bereken. Bo en behalwe M1, M2 en M3, word 'n transaksie monetêre totaal M1(A) ook bereken. Terselfdertyd is die definisies van die verskillende monetêre totale hersien.

Insluiting van deposito's by ander depositonemende instellings

Die ou definisies van die geldvoorraad is gebaseer op die deposito's van die nie-bank- private sektor by monetêre bankinstellings, maar het deposito's by ander depositonemende instellings uitgesluit wat as nader plaasvervangers vir banknote en munte as sommige van die kwasi-gelddeposito's by die monetêre bankinstellings beskou kan word. In hierdie verband het McCarthy gesê: "One cannot deny that the Reserve Bank's definition excludes a rather wide variety of assets that most definitely have the properties of near-money. Having regard for the intention of the 1965 legislation to revert the building societies to their intended role as pure savings institutions, but taking note of the fact that savings deposits with building societies during 1975 amounted to R1 285 million, which is R77 million more than the near-money held with the merchant banks and 'other monetary banking institutions', and furthermore taking note of the societies' 'highly efficient' transfer facilities, one does find it somewhat paradoxical that these assets are not included in the definition of near-money. On a functional basis they surely qualify for inclusion".³³

In die huidige hersiening van die monetêre totale is besluit om, bo en behalwe deposito's by die monetêre banksektor, ook deposito's by sekere ander depositonemende instellings in die definisies van die monetêre totale in te sluit, naamlik dié by nie-monetêre algemene banke, bouverenigings en die Posspaarbank asook die sogenoemde "gesamentlike" fondse wat deur die voormalige Staatskuldkommissaris geadministreer is.

Monetêre bankinstellings is van ander bankinstellings onderskei op grond van die grootte van hul onmiddellik opeisbare depositoverpligtigs en hul kort- en middeltermdepositoverpligtigs. Hierdie betreklik arbitrale maatstaf het die vergelykbaarheid van monetêre gegewens oor tyd beïnvloed, omdat veranderings in die

³³ McCarthy, C.L.: "On the definition of money and its development in South Africa", *Finance and Trade Review*, Junie 1977, p.139.

struktuur van bankinstellings en ander ontwikkelings soms die herklassifisering van 'n "nie-monetêre algemene bank" as monetêre bankinstelling genoodsaak het. Met die insluiting van die deposito's by alle bankinstellings verdwyn hierdie probleem nou.³⁴ Die instelling van 'n breër monetêre begrip, naamlik M3, het dit van groter belang gemaak om nie-monetêre algemene banke met hul groot middel- en langtermyndeposito's in te sluit.

In 1966 is bouverenigings nie by die monetêre banksektor ingesluit nie omdat dit een van die hoofmerke van die Bouverenigingwet van 1965 was "om die ware karakter van bouverenigings as spaartussengangers te bewaar en om te voorkom dat hulle kwasi-banke met 'n aansienlike inflasiepotensiaal word, en aangesien daar aanduidings is dat hierdie oogmerk bereik word, is dit waarskynlik beter dat bouverenigings van die banksektor uitgesluit word".³⁵ Daaropvolgende gebeure het bewys dat bouverenigings toenemend betrokke geraak het by bedrywighede wat met dié van bankinstellings ooreenkoms, terwyl sommige bankinstellings funksies onderneem wat tradisioneel as bedrywighede van bouverenigings beskou is.

Bouverenigings maak nie meer net op persoonlike besparings as 'n bron van fondse staat nie, maar ding aktief met bankinstellings mee vir die deposito's van sakeondernemings. Baie van hulle deposito's en aandele is of op aanvraag of op betreklik kort kennisgewing opvraagbaar en word deur hulle houers as naby plaasvervangers vir "geld" beskou. Aangesien bouverenigings aktief met banke meeding vir betreklik likwiede deposito's met monetêre eienskappe, het die onbestendigheid van rentekoerse op hul deposito's en aandele toegeneem. Dit het die gemiddelde looptyd van bouverenigings se deposito- en aandeleverpligtigs verkort en tot die groter geldagtigheid van hierdie deposito's en aandele bygedra. Daarbenewens het banke ook aansienlik inbreuk op die verbandmark gemaak, 'n feit wat tot die toenemende mededinging tussen banke en bouverenigings bygedra het. Lenings deur bankinstellings toegestaan wat deur verbande op eiendom verseker is het byvoorbeeld van R1 900 miljoen in Junie 1982 tot R7 968 miljoen in Desember 1985 toegeneem. Hierdie ontwikkelings het gevoldlik aanleiding gegee tot die aanbeveling deur die Kommissie van Ondersoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika dat die funksionele onderskeiding tussen banke en bouverenigings in die toekoms geleidelik verwyder moet word.³⁶ As gevolg van hierdie veranderings het die redes vir die uitsluiting van die bouverenigings se

deposito's en "aandele" uit die monetêre totale aansienlik verswak.

In 1966 is die Posspaarbank ook nie in die monetêre banksektor ingesluit nie omdat dit oorspronklik tot stand gebring is met die doel om persoonlike besparing aan te moedig. Beperkings is in werklikheid op die bedrag en aantal transaksies op elkeen van sy spaarrekenings geplaas. Die deposito's van die Posspaarbank word nou by die monetêre totale ingesluit omdat die meeste van hierdie beperkings opgehef is. Die spaarrekenings by die Posspaarbank toon derhalwe 'n noue verwantskap met dié by banke en bouverenigings. Daarbenewens het die Poskantoor in November 1982 Telebank, 'n nuwe elektroniese bankstelsel, ingestel. Hierdie stelsel wat deur middel van teller-beheerde toonbankterminale en automatiese tellermasjiene funksioneer, is met ander nasionale elektroniese geldoordragstelsels gekoppel.

Die sogenoamde "gesamentlike" fondse wat deur die voormalige Staatskuldkommissaris geadministreer is, is by die hersiene monetêre totale ingesluit ten einde vergelykbaarheid oor tyd in die gegewens te handhaaf. Vanaf die einde van Maart 1984, is die nuutgestigte Korporasie vir Openbare Depositos by die monetêre banksektor ingesluit. Die deposito's by die voormalige Nasionale Finansiekorporasie en die "gesamentlike" fondse wat deur die Staatskuldkommissaris geadministreer is, is na die Korporasie vir Openbare Depositos oorgedra. Aangesien slegs die voormalige Nasionale Finansiekorporasie deel van die monetêre banksektor uitgemaak het, het die oordrag van die "gesamentlike" fondse na die monetêre banksektor veroorsaak dat die gemete geldvoorraadsyfers vanaf 31 Maart 1984 nie met syfers vóór daardie datum vergelykbaar is nie.

Afgesien van hierdie depositonemende instellings, word deposito's ook deur die private sektor by sekere ander instellings in Suid-Afrika geplaas, soos die Nywerheidontwikkelingskorporasie, deelnemingsverbandskemas en sommige van die plaaslike owerhede. Omdat die meeste van hierdie deposito's vir 'n besondere doel gemaak word, is hulle nie in die hersiene monetêre totale ingesluit nie.

Daar kan ook aangevoer word dat likwiede effekte van die owerheidsektor wat deur die private sektor gehou word, soos skatkiswissels, belastingdelgingsertifikate en korttermynstaatseffekte met onverstreke looptye van tot drie jaar, in die monetêre totale ingesluit moet word, veral in die lig van die ingebruikneming van 'n breër monetêre totaal. In die vroeë sestigerjare is hierdie effekte in werklikheid as deel van kwasi-geld in Suid-Afrika beskou.³⁷ Daarbenewens verskaf hierdie effekte 'n aantreklike afsetgebied vir tydelike ledige fondse van sakeonderne-

³⁴ In Artikel 1 van die Bankwet van 1965, wat onlangs deur die Wysigingswet op Finansiële Instellings van 1985 gewysig is, is die onderskeid tussen die verskillende kategorieë van banke afgeskaf.

³⁵ De Kock, G.: *op.cit.*, pp.39-40.

³⁶ Republiek van Suid-Afrika, Kommissie van Ondersoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika: *Die Bouverenigings, die Finansiële Markte en Monetêre Beleid*, (Tweede Tussentydse Verslag), Staatsdrukker, Pretoria, 1982.

³⁷ In die hersiening van die definisie van geld en kwasi-geld in 1966 is hulle uitgesluit omdat die oorsake van veranderings in hierdie likwiede bates nie bepaal kon word uit 'n ontleding van veranderings in die gekonsolideerde bates en laste van die monetêre banksektor nie. Sien De Kock, G.: *op. cit.*, p.36.

nings, kan hulle maklik binne 'n kort tydperk te gelde gemaak word en is hulle geredelik bemarkbaar. In die meeste lande word hierdie effekte egter slegs in 'n omvattende "likwiditeitsbegrip" ingesluit, d.w.s. 'n breër begrip as M3. In ooreenstemming met hierdie praktyk is besluit om hierdie effekte van die definisie van M3 vir Suid-Afrika uit te sluit.

Oorspronklike teenoor onverstreke looptyd

Sedert die vroeë sestigerjare word monetêre deposito's op grond van hul onverstreke looptye in M1 en M2 geklassifiseer. In die lig van die hoë administrasiekoste verbonde aan die klassifikasie van al hierdie rekenings volgens onverstreke looptyd aan die einde van elke maand en omdat so 'n klassifikasie van die bouverenigings se deposito's vir slegs 'n betreklik kort tydperk beskikbaar is, is dit ernstig oorweeg om die basis van klassifikasie van onverstreke na oorspronklike looptyd te verander. Volgens inligting wat by sommige bankinstellings ingewin is, word 'n groot deel van die termyndeposito's van individue in elk geval op die vervaldatum in diezelfde tipe deposito herbelê. Hierdie benadering beteken dus dat 'n verskuiwing vanaf langtermyn na middeltermyn en moontlik ook na korttermyn in hierdie tipe van deposito's plaasvind sonder dat daar noodwendig verandering voorgekom het in die redes waarvoor hulle gehou word of in die rol wat hulle binne die besitters se totale bateportefeuilles speel.

Die grootste deel van hierdie deposito's word egter gehou deur sakeondernemings wat nie noodwendig die deposito's op die vervaldatum weer in dieselfde vorm herbelê nie. Die onlangse aansienlike hoér rentekoerse en verskerpte mededinging tussen finansiële instellings het beleggers meer bewus gemaak van alternatiewe beleggingsgeleenthede. In ooreenstemming met likwiditeitsoorwegings is dit boonop meer waarskynlik dat bates met korter looptye tot vervaldatum van meer belang by die formulering van bestedingsplanne deur huishoudings en sakeondernemings sal wees as dié met langer onverstreke looptye. In die huidige hersiening van die monetêre totale is die deposito's van die depositonemende instellings derhalwe weer volgens onverstreke looptyd geklassifiseer. Hierdie besluit het die tydperk waarvoor hiersiene gegewens saamgestel kon word beperk omdat inligting oor die klassifikasie van bouverenigingsdeposito's volgens onverstreke looptyd slegs vanaf die begin van 1978 beskikbaar is.

Verpligtings buite die balansstaat

Die prosesse van disintermediasie en herintermediasie het in onlangse jare die verklaring van korttermynveranderings in hierdie totale toenemend bemoeilik. Die vervanging van lenings waar banke as tussenganger optree met regstreekse lenings tussen twee partye buite die bankstelsel, het tot gevolg gehad dat monetêre totale wat uit die balansstaatinligting van bankinstellings bereken is, die "werklike" geldvoorraad mag onderskat het. Net so veroorsaak die omgekeerde proses van herintermediasie

dat die gemete geldvoorraadsyfers die "werklike" geldvoorraad oorskot. Gevolglik mag veranderings in monetêre totale, volgens die laste van banke gemeet, nie verteenwoordigend wees en vir lang tydperke gewees het van die werklike veranderings in die monetêre en finansiële toestand nie.³⁸

'n Meer betekenisvolle ontleding van monetêre verandering sal slegs gemaak kan word indien die invloed van die prosesse van disintermediasie en herintermediasie in berekening gebring word. Ongelukkig is dit bykans onmoontlik om die meeste soorte disintermediasie en herintermediasie noukeurig te meet. Sommige soorte "finansiering buite die balansstaat" deur bankinstellings, soos terugkoopooreenkomste en wissels verdiskonter, kan gemeet word, maar veranderings in intermaatskappyfinansiering en die "heen-en-terugbeweging" van fondse kan nie bereken word nie. Eerder as om slegs sekere vorms van verpligtings van bankinstellings "buite die balansstaat" in die meting van die geldvoorraad in te sluit, is dit nuttiger om "suiwer" geldvoorraadbegrippe te definieer wat al hierdie soorte transaksies uitsluit. In die finale ontleding van veranderings in monetêre totale moet die invloed van die prosesse van disintermediasie en herintermediasie egter in aanmerking geneem word.

Daar is dus besluit om verpligtings "buite die balansstaat" van die nuut-gedefinieerde monetêre totale uit te sluit. Gevolglik sal die geldvoorraadsyfers, soos op maandeindes gemeet, nog steeds onderworpe wees aan onreëlmatige veranderings wat deur disintermediasie en herintermediasie veroorsaak is. Vir ontledingsdoeleindes is dit dus beter om veranderings in hierdie syfers oor 'n ietwat langer tydperk as een kwartaal te bekou, byvoorbeeld oor tydperke van twaalf maande of deur van bewegende gemiddeldes gebruik te maak. Selfs dan sal dit noodsaklik wees om die verskillende faktore in aanmerking te neem wat die uitgerekte toenames of afnames mag veroorsaak in die relatiewe belangrikheid van "direkte" (nie-geintermedieerde) batebesit oor sulke tydperke.

Definisies van die nuwe monetêre totale

a) Nuwe M1

Op grond van die beginsels hierbo uiteengesit, word die nuwe M1 nou gedefinieer as die som van banknote en munte "in omloop" plus onmiddellik opeisbare deposito's by bankinstellings, bouverenigings en die Posspaarbank, uitgesonderd buitelandse en regeringsdeposito's maar met insluiting van transmissierekenings by bouverenigings en Telebankrekenings by die Posspaarbank. Soos in tabel 1 getoon word, is die absolutevlak van die nuut-gedefinieerde M1 baie naby aan dié van die vorige M1. Aan die einde van Maart 1986 was die nuwe M1 slegs

³⁸ Vir 'n meer volledige bespreking van hierdie onderwerp, sien: Brümmerhoff, W.: "Disintermediasie en herintermediasie in Suid-Afrika", Suid-Afrikaanse Reserwebank, Kwartalblad, Maart 1984, pp.55-64.

Tabel 1: Samestelling van nuwe M1

	Maart 1986
	R miljoene
Banknote en munte in omloop buite die monetêre banksektor	3 896
Plus: Onmiddellik opeisbare deposito's van die nie-bank- private sektor by monetêre bankinstellings	18 442
Totaal: Vorige M1	22 338
Plus: Onmiddellik opeisbare deposito's van die private sektor by nie-monetêre algemene banke	390
Plus: Transmissiedeposo'to's by bouverenigings	575
Plus: Telebankdeposito's by die Posspaarbank	34
Minus: Banknote en munte by bouverenigings en nie-monetêre algemene banke	125
Minus: Onmiddellik opeisbare deposito's van nie-monetêre algemene banke by monetêre bankinstellings	182
Minus: Onmiddellik opeisbare deposito's van bouverenigings by bankinstellings	680
Totaal: Nuwe M1	22 350

0,1 persent hoër as die vorige M1 as gevolg van die konsolidasie van syfers ten einde die inter-deposito's tussen banke en bouverenigings uit te sluit.

Banknote en munte "in omloop" het betrekking op note en munte wat buite bankinstellings, bouverenigings en die Posspaarbank gehou word. Bankinstellings sluit in die Suid-Afrikaanse Reserwebank, die Korporasie vir Openbare Deposito's, diskontohuise, die korttermynbedrywighede van die Landbank en ander banke. Die banknote en munte wat in die vorige M1 ingesluit was, word dus aangepas vir die note en munte in besit van nie-monetêre algemene banke, bouverenigings en die Posspaarbank.

Onmiddellik opeisbare deposito's bestaan uit tjek- en transmissiedeposo'to's, daggeld en ander onmiddellik opeisbare deposito's van die private sektor by bankinstellings, bouverenigings en die Posspaarbank. Soos in die vorige M1 word regerings- en nie-inwonerdeposito's by die definisie van geld uitgesluit.

In ooreenstemming met die praktyk in die meeste ander lande word regeringsdeposito's van die monetêre totale uitgesluit omdat die Regering by die formulering van monetêre beleid betrokke is en sy motiewe vir die hou van kontantsaldo's en vir besteding van dié van ander eenhede in die ekonomiese verskil.³⁹ "... die sentrale regering, as die onafhanklike oppergesag van 'n land, (word) deur motiewe geleei wat verskil van dié van private sake-

ondernemings en individue, veral wat betref die hou van kontantsaldo's. Die regering het meer beweegruimte om sy deposito's te verander en is gewoonlik in staat om 'n feitlik onbeperkte hoeveelheid geld te bekom, veral van die sentrale bank, en die deposito's tot krediet van die regering beperk derhalwe nie sy beskikking oor geld nie".⁴⁰

By die vasstelling van die monetêre totale word die regeringssektor gedefinieer om die Suid-Afrikaanse Sentrale Regering, die Openbare Beleggingskommissaris, provinsiale administrasies, die Administrasie van Suidwes-Afrika en die regerings van die onafhanklike en selfregerende Swart state binne die voormalige gebied van Suid-Afrika, in te sluit. Saldo's op die Stabilisasierekening word by regeringsdeposito's ingesluit, so ook deposito's van die Internasionale Monetêre Fonds by die Suid-Afrikaanse Reserwebank wat ontstaan as gevolg van trekings op die super-reserwetranché en die reserwetranché. Deposito's van munisipaliteite, ander plaaslike besture en staatsondernemings, soos die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste en die Departement van Pos- en Telekomunikasiewese, word egter by die geldvoorraad ingesluit. Volgens die ou definisies van geld en die praktyk wat in die meeste ander lande gevolg word, word die deposito's van nie-inwoners by bankinstellings en bouverenigings ook van die nuwe definisies van geld uitgesluit. Tot die afskaffing daarvan in Februarie 1983 het 'n aansienlike deel van hierdie deposito's bestaan uit geblokkeerde-rand-, effekterand- of finansiële randdeposito's wat slegs vir sekere doeleindes aangewend kon word. As deel van Suid-Afrika se skuldstilstandregeling, is die finansiële-randstelsel weer in September 1985 ingestel.

b) M1(A)

M1(A) word gedefinieer as die som van banknote en munte in omloop buite bankinstellings, bouverenigings en die Posspaarbank plus tjek- en transmissiedeposo'to's van die private sektor by hierdie instellings. Hierdie totaal is dus 'n enger begrip as die nuut-gedefinieerde M1 en het aan die einde van Maart 1986 ongeveer 55 persent van M1 bedra. Dit sluit slegs daardie deposito's in wat onmiddellik gebruik kan word om betalings aan derde partye te bewerkstellig, terwyl alle ander onmiddellik opeisbare deposito's in die breër M1-begrip ingesluit word.

Tabel 2: Samestelling van M1(A)

	Maart 1986
	R miljoene
Banknote en munte in omloop buite die banksektor, bouverenigings en die Posspaarbank	3 771
Plus: Tjekdeposito's van die private sektor by banke	7 736
Plus: Transmissiedeposo'to's van die private sektor by banke, bouverenigings en die Posspaarbank	667
Totaal: Nuwe M1(A)	12 174

³⁹ Sien Bank of England: *Quarterly Bulletin*, Desember 1982, pp.533-534, en Board of Governors of the Federal Reserve System, Advisory Committee on Monetary Statistics, (1976) *op.cit.*, p.14.

⁴⁰ Van Staden, B. (1966): *op.cit.*, p.43.

Daar kan aangevoer word dat spaarrekenings by banke, bouverenigings en die Posspaarbank ook in die transaksie monetêre totaal ingesluit behoort te word omdat deposito's in hierdie rekenings onder andere vir transaksiedoeleindes gehou word. 'n Belangrike beweegrede om hierdie deposito's te hou mag egter besparing wees, aangesien hulle in vergelyking met tjek- en transmissiedepositos betreklik hoe rentekoerse verdien. Spaardeposito's by banke en bouverenigings is ook onderhewig aan sekere beperkings met betrekking tot die bedrae wat op hierdie rekenings aanvaar word asook op onttrekksings uit hierdie rekenings. Die doel van hierdie beperkings is om die egte spaarkarakter van hierdie deposito's te bevorder. Hulle word dus nie by M1(A) ingesluit nie.

Daar kan ook aangevoer word dat ongebruikte oontrekks- en ander kredietfasilitete in 'n transaksie monetêre totaal ingesluit behoort te word. Kopers maak toenemend van kredietkaarte as 'n betaalmiddel gebruik en beskikbare fasilitete ingevolge hierdie stelsels sal die koopgedrag van hulle besitters beïnvloed. Slegs wanneer hierdie fasilitete gebruik word, word verpligtings deur hulle besitters aangegaan. Daarbenewens word sommige van hierdie fasilitete outomatis en sonder enige koste aan hul besitters voorsien, wat geen voorname mag hê om dit te gebruik nie of van plan is om slegs 'n gedeelte daarvan vir transaksiedoeleindes te gebruik.

In sommige lande word reisigerstjeks ook by die transaksie monetêre totaal ingesluit. In Suid-Afrika speel hierdie tjeeks slegs 'n klein rol in die betalingsmeganisme en het met die ontwikkeling van elektroniese geldoordragstelsels in relatiewe belangrikheid afgeneem. Hulle word dus ook nie by die berekening van M1(A) in aanmerking geneem nie.

c) Nuwe M2

Die nuwe M2 word gedefinieer as die som van die nuwe M1 plus alle ander korttermyn- en middeltermyndepositos (insluitende spaardeposito's, spaarbanksertifikate en "aandele" van bouverenigings) van die private sektor by bankinstellings, bouverenigings en die Posspaarbank. Die nuut-gedefinieerde M2 is aansienlik groter as die vorige M2, en het op 31 Maart 1986 31 persent meer as die vorige M2 bedra.

Die aansienlike verskil tussen die "nuwe" en "vorige" M2 weerspieël die insluiting van korttermyn- en middeltermyndepositos en beleggings in "aandele" van bouverenigings met 'n onverstreke looptyd of kennisgewings-tydperk van minder as ses maande. Hierdie deposito's en beleggings het aan die einde van Maart 1986 nie minder nie as R9 185 miljoen bedra. Alhoewel die grootste deel van hierdie fondse persoonlike besparings verteenwoordig, word sake-ondernehemings in toenemende mate depositante by bouverenigings. Meeste van hierdie deposito's of aandele is ook op betreklik kort kennisgewing opvraagbaar en hulle omloopsnelheid is hoër as dié wat tradisioneel vereenselwig word met egte besparings wat in die vorm van deposito's gehou word.⁴¹

Tabel 3: Samestelling van die nuwe M2

	Maart 1986
	R miljoene
Nuwe M1	22 350
Plus: Ander kort- en middeltermyndepositos van die private sektor by monetêre bankinstellings	19 905
Plus: Ander kort- en middeltermyndepositos van die private sektor by nie-monetêre algemene banke	1 544
Plus: Ander korttermyn- en middeltermyndepositos by en "aandele" in bouverenigings	9 185
Plus: Spaardeposito's by en spaarbanksertifikate van die Posspaarbank	2 517
Minus: Ander kort- en middeltermyndepositos van nie-monetêre algemene banke by monetêre bankinstellings	251
Minus: Ander kort- en middeltermyndepositos van bouverenigings by banke	34
Minus: Deposito's van bankinstellings by bouverenigings	74
Minus: Belegging van bankinstellings in "aandele" van bouverenigings	12
Totaal: Nuwe M2	54 130

Bykomend tot die insluiting van hierdie fondse is die hoër vlak van die nuwe M2 ook die gevolg van die insluiting van kort- en middeltermyndepositos van die private sektor by nie-monetêre algemene banke en spaardeposito's en spaarbanksertifikate by die Posspaarbank. Eersgenoemde deposito's stem klaarblyklik ooreen met soortgelyke deposito's by monetêre bankinstellings en daar is ook nie veel verskil tussen die spaardeposito's by die Posspaarbank en by bankinstellings nie. Spaarbanksertifikate is in wese soortgelyk aan gewone spaardeposito's by die Poskantoor indien hulle onttrek word binne ses maande nadat die deposito gemaak is. Normaalweg sal hierdie sertifikate egter vir ten minste ses maande gehou word ten einde te kwalifiseer vir die hoër rentekoers wat ná verstryking van die aanvanklike beleggingstermyn betaalbaar is. Hulle mag nietemin op kort kennisgewing afgeslos word en word dus by M2 ingesluit.

Soos in die geval van die nuwe M1, word die nuwe M2 gebaseer op gekonsolideerde syfers en word inter-deposito's tussen banke en bouverenigings, inter-deposito's tussen bouverenigings as 'n groep en ander kort- en middeltermyndepositos van nie-monetêre algemene banke by monetêre bankinstellings uitgeskakel.

d) Nuwe M3

Die nuwe M3 word gedefinieer as M2 plus alle langtermyndepositos van die private sektor by bankinstellings en bouverenigings en die nasionale spaarsertifikate wat

⁴¹ Republiek van Suid-Afrika, Kommissie van Ondersoek na die Monetêre Stelsel en Monetêre Beleid in Suid-Afrika: Tweede Tussentydse Verslag, *op. cit.*, p.5.

deur die Posspaarbank uitgereik is. Hierdie totaal sluit deposito's in met 'n onverstreke looptyd van meer as ses maande tot etlike jare, en is die breedste van die nuwe monetêre totale. Die vlak van M3 is aansienlik hoër as dié van M2 en het aan die einde van Maart 1986 meer as R73 miljard of ongeveer 57 persent van die bruto binnelandse produk bedra.

Die aansienlike verskil tussen M2 en M3 kan, ten eerste, toegeskryf word aan die insluiting in M3 van langtermyndeposito's by en "aandele" in bouverenigings. Aan die einde van Maart 1986 het hierdie verpligtings van die bouverenigings vir ongeveer 40 persent uit vaste deposito's en vir ongeveer 60 persent uit "aandele" bestaan. Die grootste deel van die belegging in "aandele" het, op sy beurt, bestaan uit onbepaalde termynaandele wat nie opevra kan word voordat dit vir ten minste agtien maande gehou is nie. Hierdie "aandele" bly deel van M3 (en slegs van M3) totdat kennisgewing van opvraging deur hulle besitters gegee is. Kennisgewing van drie maande word vereis en gedurende hierdie tydperk word die "aandele" as middeltermynverpligtings geklassifiseer.

Ten tweede sluit M3 langtermyndeposito's by monetêre bankinstellings en nie-monetêre algemene banke in. Laastens word beleggings in nasionale spaarsertifikate by die Posspaarbank by M3 ingesluit. Hierdie sertifikate mag nie vóór die einde van 'n beleggingstydperk van agtien maande afgelos word nie, maar kan daarna met kennisgewing van veertien dae afgelos word. Die nasionale spaarsertifikate word egter gewoonlik nie na agtien maande afgelos nie, en word na hierdie aanvanklike beleggingstydperk geag om deel van M3 te bly.

Tabel 4: Samestelling van nuwe M3





	Maart 1986
	R miljoene
Nuwe M2	54 130
Plus: Langtermyndeposito's van die private sektor by monetêre bankinstellings	6 162
Plus: Langtermyndeposito's van die private sektor by nie-monetêre algemene banke	634
Plus: Langtermyndeposito's by en "aandele" in bouverenigings	12 736
Plus: Beleggings in nasionale spaarsertifikate deur die Posspaarbank uitgereik ..	194
Minus: Langtermyndeposito's van nie-monetêre algemene banke by monetêre bankinstellings	192
Minus: Langtermyndeposito's van bouverenigings by bankinstellings	34
Totaal: Nuwe M3	73 630

Verloop van nuwe monetêre totale

'n Aanduiding van die verloop van die nuwe monetêre totale en hulle verwantskap met die vorige totale word deur 'n vergelyking van hulle onderskeie groeikoerse in grafiek 2 gegee. Uit hierdie grafiek is dit duidelik dat die groeipa-

Grafiek 2 : Groeikoerse van ou en nuwe monetêre totale

Percentasieverandering oor een jaar



troon van die nuwe M1, M2 en M3 gedurende die tydperk Januarie 1979 tot Maart 1986 nou ooreengekom het met dié van die vorige monetêre totale, maar dat hul groei-koerse by tye matig van dié van die vorige totale afgewyk het. Gedurende 1980 en aan die begin van 1981 het die nuwe totale vinniger gegroeï ommdat die korttermyndepositokoerse van bouverenigings deurgaans hoër was as dié van bankinstellings. Die proses van herintermediasie gedurende 1980 en 1981 en die stadiger aanpassings van die depositokoerse van bouverenigings by die toename in die algemene vlak van rentekoerse, het gedurende 1981 'n veel stadiger groeikoers in die nuwe totale as in die vorige totale tot gevolg gehad. In 1982 en 'n groot deel van 1983 het die groeikoerse van die vorige en nuwe geldbegrippe betreklik nou ooreengekom, voordat die gewildheid van die nuut-ingestelde geldmarkinstrumente van die bouverenigings gedurende 1984 tot hoër groeikoerse van M1 en M2 gelei het. Vanaf die middel van 1984 tot aan die einde van 1985 het die groeikoerse van die vorige M3 dié van die nuwe M3 oorskry, wat daarop duï dat die langtermyndeposito's van bankinstellings vinniger as die ooreenstemmende deposito's van bouverenigings toegeneem het.

Die groeipatroon van M1(A) het ook betreklik nou met dié van die vorige en nuwe M1 ooreengekom, behalwe dat die groei van M1(A) minder onbestendig was. Aanvanklik het draapunte in M1(A) se groeikoerse min of meer met dié van M1 ooreengekom. In 1984 het M1(A) egter in Mei 'n hoogtepunt bereik en daarna skerp gedaal, terwyl die boonste draapunt van M1 eers naby die einde van 1984 voorgekom het. Hierdie verskil kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n aansienlike toename in transmissiedeposito's by bouverenigings vanaf R211 miljoen aan die einde van 1983 tot R564 miljoen aan die einde van Mei 1984, gevolg deur 'n daling tot R268 miljoen op 31 Julie 1985. Hierdie veranderings in transmissiedeposito's was op sy beurt toe te skryf daaraan dat sekere bouverenigings hierdie rekenings gebruik het as bykomende spaarrekenings om fondse vir belegging in geldmark-instrumente byeen te bring. Dit was baie gewild by beleggers en het gedurende die eerste helfte van 1984 tot die skerp toename in transmissiedeposito's gelei. Op versoek van die Registrateur van Finansiële Instellings is hierdie praktyk in Mei 1984 gestaak omdat dit strydig was met die gees en bedoeling van transmissierekenings. Dit het 'n afname in transmissierekenings tot gevolg gehad.

Daarna het transmissierekenings by bouverenigings weer tot R572 miljoen aan die einde van Maart 1986 toegeneem. Terselfdertyd het tjeckdeposito's by banke aansienlik toegeneem met die gevolg dat die groeikoers van M1(A) vanaf 'n negatiewe syfer van 0,6 persent in April 1985 tot 26,5 persent in Maart 1986 gestyg het terwyl die groeikoerse van die ander monetêre totale aangehou het om te daal. Verskeie faktore het tot hierdie toename in M1(A) bygedra, in besonder die veranderings wat ingestel is met betrekking tot die berekening van korttermynlaste ten einde die likwiedebatevereistes te be-

paal. Vanaf Augustus 1985 moes hierdie laste vir enige besondere maand deur die banke bereken word as die gemiddelde daagliks bedrag van korttermynlaste met 'n oorspronklike looptyd van nie meer as 31 dae nie gedurende die betrokke maand, plus die *maand-eind saldo*'s van korttermynlaste met 'n oorspronklike looptyd van meer as 31 dae. Voorheen was die beginsel om "gemiddeldes" van daagliks saldo's te bereken, slegs op onmiddellik opeisbare deposito's van toepassing. Gevolglik het die aansporing om maandeind-daggelddeposito's met een dag kennisgewing deur die loop van die maand te hou, verdwyn en het hierdie deposito's in 'n sekere mate na tjeckrekenings verskuif deels as gevolg van die bevordering van kontantbestuurpraktyke soos saldobenutting ("account sweeping"). Boonop het bouverenigings die aantrekingskrag van transmissierekenings vergroot deur die instelling van bonuskoerse en sommige van hulle het gewone spaarrekenings in transmissierekenings omgeskakel.



Aangesien die groeipatrone van die nuwe monetêre totale baie ooreenstem met dié van die vorige totale, het die hersiening van die geldbegrippe nie die verwantskappe wat voorheen tussen die geldvoorraad en ander makro-ekonomiese veranderlikes bestaan het, verander nie. Dit word duidelik geïllustreer deur die inkome-omloopsnelhede van die nuwe monetêre totale asook deur die totale se verwantskappe met veranderings in die bruto binne-landse besteding.

In grafiek 3 word die inkome-omloopsnelhede van die nuwe monetêre totale vergelyk. Net soos dié van die vorige totale het die inkome-omloopsnelhede van die nuwe geldbegrippe gedurende die tagtigerjare aansienlik verander. Nadat al die inkome-omloopsnelhede gedurende die sewentigerjare voortdurend gestyg het, het hulle gedurende 1979 skerp versnel tot 'n hoogtepunt vroeg in 1980, alvorens hulle almal gedurende die daaropvolgende tydperk gedaal het. Hoe breër die geldvoorraad gedefinieer is, hoe minder skerp het die daling geword, behalwe dat M1(A) se omloopsnelheid slegs matig gedaal het. Vanaf die eerste kwartaal van 1980 tot die eerste kwartaal van 1986 het die inkome-omloopsnelheid van M1 met 36 persent gedaal, vergeleke met 30 persent vir M2 en 15 persent vir M3. Oor dieselfde tydperk het die inkome-omloopsnelheid van M1(A) met slegs 14 persent afgeneem.

Die versnelling in die groeikoers van die geldvoorraad gedurende 1979 en 1980 het dus aanvanklik gepaard gegaan met 'n styging in die inkome-omloopsnelheid van geld wat die verhoogde bestedingsgeneigdhede en werklike en verwagte stygings in die inflasiekoers weerspieël het. Van meer belang is dat die groot toename in die inkome-omloopsnelheid van geld gedurende 1979 deur die proses van disintermediasie van krediettransaksies onder die destydse stelsel van kredietplafonne, depositokoersbeheer en hoë kontantreserwe- en likwidebatevereistes teweeggebring is. Met die afskaffing of verlaging van hierdie regstreekse en semi-regstreekse beheermaatreëls het die inkome-omloopsnelheid van geld skerp ge-

Grafiek 3 : Inkome-omloopsnelheid van geld

Verhouding



daal vanweë die omgekeerde proses van herintermediasie. Boonop het dit bly daal selfs nadat die groei van geld in 1981 begin verlangsaam het. Dit is in skerp teenstelling met die algemene omgekeerde verwantskap tussen veranderings in die monetêre totale en hul omloopsnelhede.⁴² Die voortgesette daling in die omloopsnelheid van geld het voorgekom gedurende 'n tydperk van hoë verwagte inflasie, d.w.s. gedurende 'n tydperk waarin 'n styging in die omloopsnelheid verwag sou kon word. Hierdie abnormale gedrag van die inkome-omloopsnelheid van geld het waarskynlik verband gehou met die instelling van finansiële innovasies, 'n toename in likwiditeitsvoorkleur en die vermindering van die kontant- en likwiedebatevereistes. Dit is ook betekenisvol om daarop te let dat die inkome-omloopsnelheid van M1(A) minder as die ander monetêre totale deur die proses van herintermediasie beïnvloed is.

In grafiek 4 word die driekwartaal-bewegende gemiddeldes van die groeikoerse oor een jaar van die monetêre totale met die ooreenstemmende groeikoerse in die nominale bruto binnelandse besteding vergelyk. Uit hierdie grafiek is dit duidelik dat die onderste draaipunt in die koers van toename van die bruto binnelandse besteding in 1983 voorafgegaan is deur draaipunte in die groeikoerse van al die nuut-gedefinieerde monetêre totale. Die groeikoerse van M1(A), M2 en M3 het ongeveer drie tot vier kwartale voor die groeikoers van die bruto binnelandse besteding laagtepunte bereik, terwyl die groei in M1 ongeveer twee kwartale voor die hernieuwe opswaai in die binnelandse besteding begin het om te versnel. Net so het die groeikoerse van M2 en M3 in 1984 drie tot vier kwartale voor die groeikoers van die bruto binnelandse besteding hoogtepunte bereik, terwyl eersgenoemde aan die einde van 1981 gesloer het na die boonste draaipunt in die binnelandse besteding, hoofsaaklik vanweë die proses van herintermediasie wat op daardie tydstip voorgekom het.





Ten einde 'n meer ncuukeurige statistiese verwantskap tussen die geldvoorraad en die nominale bruto binnelandse besteding te bepaal, is 'n lineêre regressie-ontleding van die verwantskappe tussen hierdie totale gemaak. Persentasieveranderings oor 'n tydspan van drie maande en twaalf maande in die driekwartaal-bewegende gemiddeldes van die monetêre totale is vergelyk met die ooreenstemmende persentasieveranderings in die nominale bruto binnelandse besteding as die afhanglike veranderlike. Die beste regressie-resultate is behaal vir persentasieveranderings wat oor twaalf maande bereken is.

Uit tabel 5 is dit duidelik dat veranderings in M1(A) goed gekorrelleer het met veranderings in die bruto binnelandse besteding en 57 persent van die veranderings in hierdie totaal verklaar. Die korrelasie tussen veranderings in M3 en veranderings in die binnelandse besteding was ook

⁴² Meijer, J.H.: "On the velocity of circulation of the money supply in the South African economy", *Finance and Trade Review*, Desember 1980, pp.40-41.

Grafiek 4: Groeihoede van bruto binnelandse besteding en monetêre totale

Persentasieverandering oor een jaar van drie-kwartale bewegende gemiddelde



Tabel 5: Verwantskap tussen nominale bruto binnelandse besteding en monetêre totale¹

Monetêre totaal	Konstante	Koeffisiënt	R ²
M1(A)	2,11 (0,66)	0,92 (5,22)	0,57
M1	-3,61 (0,50)	0,78 (3,11)	0,26
M2	-3,73 (0,40)	1,03 (2,39)	0,16
M3	-15,62 (1,73)	1,89 (3,77)	0,35

¹ Vir M1(A) bereken vanaf die vierde kwartaal van 1980 tot die vierde kwartaal van 1985 en vir die ander monetêre totale vanaf die derde kwartaal van 1979 tot die vierde kwartaal van 1985. Die syfers tussen hakies is t-waardes.

betrekklik goed, terwyl die bepaaldheidskoeffisiënte (R^2) van M1 en M2 baie laag was.

Die betreklik swak resultate wat in die geval van die breër monetêre totale verkry is kan gedeeltelik verklaar word deur die feit dat die steekproeftydperk in hulle gevallen langer was as die tydperk wat vir M1(A) gebruik is. Boonop het die nominale bruto binnelandse besteding klaarblyklik met 'n langer tydperk agter die breër monetêre totale as agter die enger totale gesloer oor die relatiewe kort tydperk waaroor hierdie ontleding gemaak is. Indien die steekproeftydperk verkort word om voorstiening vir veranderings in die monetêre beheerstelsel te maak en as sloerings in die verwantskap tussen die geldvoorraad en die nominale bruto binnelandse besteding in berekening gebring word, word aansienlik beter resultate behaal, nie slegs vir die breër monetêre totale nie, maar ook vir die enger totale.

By die beoordeling van die resultate wat in tabel 6 getoon word, is dit belangrik om te onthou dat die lineêre regressie-ontledings gemaak is oor 'n betreklik kort tydperk wat deur die oorgang na meer markverwante beleidsinstrumente beïnvloed is. Alhoewel die beste verwantskap met veranderings in die nominale bruto binnelandse besteding steeds in die geval van M1(A) verkry is, het die veranderings wat in die ontleding

Tabel 6: Verwantskap tussen nominale bruto binnelandse besteding en monetêre totale vanaf die eerste kwartaal van 1981 tot die vierde kwartaal van 1985¹

Monetêre totaal	Sloerings-tydperk	Konstante	Koeffisiënt	R ²
M1(A)	1 kwartaal	0,04 (0,02)	0,97 (0,11)	0,82
M1	1 kwartaal	-19,05 8,87)	1,16 (3,97)	0,44
M2	1 kwartaal	-25,96 (2,45)	1,84 (3,97)	0,44
M3	2 kwartale	-20,12 (2,48)	1,96 (4,48)	0,50

¹ Syfers tussen hakies is t-waardes.

aangebring is die bepaaldheidskoëfisiënte van M2 en M3 aansienlik verbeter sodat hulle tussen 44 en 50 persent van die veranderings in die nominale bruto binnelandse besteding verklaar. Net so is beter resultate ook vir M1 verkry.

Gevolgtrekking

Op grond van die likwiditeitsbenadering, die transaksie-maatstaf en die beskikbaarheid van statistiese gegewens, is die monetêre totale van Suid-Afrika hersien om soortgelyke of naby-verwante monetêre bates in besit van die nie-bank- private sektor in te sluit, nie net by die monetêre banksektor nie maar ook by nie-monetêre bankinstellings, bouverenigings en die Posspaarbank. Met die oog op onlangse ontwikkelings in die banksektor word vier monetêre totale nou onderskei. Dit sluit in M1, M2 en M3 wat volgens die likwiditeitsbenadering gedefinieer is en M1(A), 'n transaksie monetêre totaal. Die hersiening van die monetêre totale het nie die groeipatroon van die geldvoorraad wesenlik beïnvloed nie en het nie die verwantskappe met ander makro-ekonomiese veranderlikes in 'n belangrike mate verander nie.

Uit 'n lineêre regressie-ontleding is die beste verwantskap tussen veranderings in die geldvoorraad en die nominale bruto binnelandse besteding in die geval van M1(A) gevind. Die bepaaldheidskoëfisiënte (R^2) van M1, M2 en M3 was ook betreklik hoog. Ongelukkig was die steekproeftydperk wat in hierdie ontleding gebruik is, betreklik kort en is dit in 'n sekere mate deur die oorgang na meer markverwante monetêre beleidsinstrumente en veranderings in die bank- en finansiële stelsel beïnvloed. Vir die suksesvolle toepassing van monetêre beleid is dit belangrik dat die statistiese verwantskappe tussen die geldvoorraad en ander makro-ekonomiese totale verder ondersoek word nadat die nuwe monetêre beheerstelsel vir 'n langer tydperk in werking is.

Na deeglike oorweging van die kenmerkende eienskappe van die nuut-gedefinieerde monetêre totale, het die owerhede besluit om M3 vir mikpuntdoeleindes te gebruik. Hierdie besluit is geneem omdat hierdie breër-gedefinieerde monetêre totaal minder as die enger totale beïnvloed word deur verskuiwings in die private sektor se deposito's by banke en bouverenigings en deur die prosesse van disintermediasie en herintermediasie. M3 het derhalwe 'n relatiewe stabiele groeipatroon en inkomemloopsnelheid in vergelyking met die ander monetêre totale.

Definisies van monetêre totale¹

Mone-têre totaal	Vorige definisie	Nuwe definisie
M1(A)	—	Munte en banknote in omloop, en tiek- en transmissiedeposito's by bankinstellings, ² bouverenigings en die Posspaarbank.
M1	Munte en banknote in omloop en onmiddellik opeisbare deposito's by monetêre bankinstellings. ³	M1(A) <i>Plus:</i> Ander onmiddellik opeisbare deposito's by bankinstellings. ²
M2	M1 <i>Plus:</i> Ander korttermyndeposito's, en alle middeltermyndeposito's (met inbegrip van spaardeposito's) by monetêre bankinstellings ³	M1 <i>Plus:</i> Ander korttermyndeposito's, en alle middeltermyndeposito's (met inbegrip van spaardeposito's) by bankinstellings. ² <i>Plus:</i> Ander korttermyndeposito's, en alle middeltermyndeposito's (met inbegrip van spaardeposito's en sekere "aandele"-beleggings) by bouverenigings. <i>Plus:</i> Spaardeposito's by en spaarbanksertifikate van die Posspaarbank.
M3	M2 <i>Plus:</i> Langtermyndeposito's by monetêre bankinstellings ³	M2 <i>Plus:</i> Alle langtermyndeposito's by bankinstellings ² <i>Plus:</i> Alle langtermyndeposito's en ander "aandele"-beleggings by bouverenigings. <i>Plus:</i> Beleggings in nasionale spaarsertifikate uitgereik deur die Posspaarbank.

¹ Die deposito's by hierdie totale ingesluit, is dié van die binnelandse private sektor by die betrokke instellings. Buitelandse deposito's, regeringsdeposito's en deposito's van die betrokke instellings by mekaar is uitgesluit.

² Die Suid-Afrikaanse Reserwebank, die Korporasie vir Openbare Deposito's, diskontohuise, alle ander geregistreerde bankinstellings en die korttermynbesigheid van die Landbank.

³ Die Suid-Afrikaanse Reserwebank, handelsbanke, aksepbanke, die voormalige Nasionale Finansiekorporasie, Korporasie vir Openbare Deposito's, diskontohuise en die korttermynbesigheid van die Landbank, en ander bankinstellings waarvan die maandelikse gemiddelde bedrag aan onmiddellik opeisbare depositoverpligtings gedurende die voorafgaande kalenderjaar minstens R5 000 000 bedra het en waarvan die maandelikse gemiddelde bedrag aan kort- en middeltermyndepositoverpligtings gedurende die voorafgaande kalenderjaar gesamentlik of minstens een derde van so 'n instelling se totale depositoverpligtings of minstens R30 000 000 bedra het.

(Die statistiese bylae verskyn op bladsy 50 tot 52.)